September - Oktober 2022

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 21, No. 5 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep & Okt 2021 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## Ons behoort nie geskok te wees nie

Ek erken ek is geskok! Voordat ek u egter vertel waarom, laat ek met 'n verwante ompad 'n soortgelyke aangeleentheid verduidelik.

Films bied 'n verwronge beeld van die werklikheid, nogtans vorm dit ons siening oor baie onderwerpe, soos byvoorbeeld geskiedenis en kultuur. Ek het op militêre basisse grootgeword waar teaters so min as 15 of 25 sent toegangsfooi gevra het om elke dag of twee 'n nuwe vertoning te sien. Ek het dus my deel van "D-gegradeerde" [swak gehalte] films gesien. Nee, hierdie gradering is nie 'n mededinger van die *Motion Picture Association* se G en R-graderings wat eers in 1968 begin het nie. Die nie-amptelike "D"-gradering het beteken dat 'n film 'n lae standaard tema en middelmatige akteurs gehad het. 'n Voorbeeld hiervan sou 'n swart en wit film wees van 'n ontsnapping uit 'n tronk.

Sommige aksie-films word verfilm om te lyk of dit in Shanghai, Hong Kong of Kanton plaasgevind het. Een van dié wat beter was, was *Soldier of Fortune* met Clark Gable en Susan Hayward, maar Asië was, om die een of ander rede, gewoonlik die agtergrond van tonele waarin rampokkers en twyfelagtige karakters deur die besige strate hardloop. Ek het daardie plekke as uitsonderlike gevaarpunte beskou – omdat die films dit so uitgebeeld het.

In die daaropvolgende jare het ek geleer dat Israel ook 'n skrikwekkende plek was om heen te reis. Koerante en televisienuus het dit so uitgebeeld. Terwyl ek egter in 1978 die geleentheid gehad het om na Israel te reis, het ek werklikwaar veiliger gevoel as in New York. In 1984 vind ek Shanghai, Beijing en ander stede in China baie anders as wat ek verwag het. Ek het geen rampokkers teëgekom nie – net nuuskierige mense wat nie daaraan gewoond was om buitelanders te sien nie. Sedertdien het ek na Guangzhou (voorheen Kanton), Hong Kong en ander stede in China en Asië gereis en daar het ek veiliger gevoel as in sommige dele van Chicago, Los Angeles en selfs Kansas City.

**Vandag se gruwelike geweld**

Om *veilig te voel* én *veilig te wees*, is natuurlik twee verskillende aangeleenthede. Ons pas vinnig aan by bekende omgewings. Oor die algemeen voel die meeste Amerikaners – maar beslis nie almal nie – veilig waar hulle woon ("*Most Americans feel safe in their own community, big cities still scare many,*" *Today.YouGov.com*, 8 September 2020). Dit is duidelik dat die Verenigde State van Amerika nog steeds die gewildste tuiste vir baie mense is – vra maar net die duisende immigrante wat die suidelike grens oorsteek – maar wat van mense in meer

welvarende lande? Lyk die "*land of the free and home of the brave*" al hoe meer na een van daardie films met rampokkers wat in 'n geheimsinnige en gevaarlike stad rondhardloop? Wat dink buitestaanders van Amerika? Wonder hulle dalk waarom iemand dit daar sou wou waag?

Die jaar 2021 was 'n gewelddadige jaar in Amerika. Dit wil voorkom asof ons elke tweede dag van 'n massaskietery hoor. Dit is egter nie wat die feite openbaar nie – dit is *baie erger as dit*. *Gun Violence Archive* dokumenteer meer as 350 skietvoorvalle gedurende die eerste ses maande van 2021 waarin vier of meer persone – buiten die aanvaller – in 'n enkele voorval gewond of gedood is. Dit is gemiddeld ongeveer 1,8 massa-skietvoorvalle per dag – byna 13 voorvalle per week! Op 30 Junie 2021 was daar 30 massaskietvoorvalle per dag met agt of meer slagoffers en daar was reeds 25 massaskietvoorvalle binne die eerste vyf dae van Julie! Ons kan ons net indink wat die res van die wêreld dink – "*Daardie waansinnige Amerikaners en hulle gewere*". Daarom het ek aan die begin van hierdie persoonlike brief aan u erken dat ek geskók is oor hoe erg dit werklik is ("*Mass Shootings in 2021,*" *Gun ViolenceArchive.org*, opgestel op 8 Julie 2021).

Die VSA het die meeste vuurwapens per capita volgens enige maatstaf, maar Switser-

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Ons behoort nie geskok te wees nie**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Die Vriend wat die meeste deur u benodig word** 3
Vriendskappe word gebou deur tyd saam te spandeer. Wie is u beste vriend? Hoe kan u 'n hegter verhouding bou?

**Wie wil vir ewig lewe?** 8
Wat bied die hiernamaals? Dit mag dalk nie wees wat u verwag nie, maar dit is mooier as wat u uself kan indink.

**Vergete lesse van die geskiedenis** 11
Is toenemende nuwe idees aangaande seks en moraliteit slegs 'n herhaling van foute uit die verlede wat veroorsaak het dat vorige kulture misluk het?

**Aanlyn seksuele teisering: Wat kan u doen?** 15

**Die EU ná Brexit: Beter sonder die euro?** 17
.

**Die mislukte geloof van ons vaders** 21
Baie mense voel dat die samelewing op die verkeerde pad is en sodoende op 'n dwaalweg is. Waar het ons die pad bystergeraak?

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Die werke van Sy hande** 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 086 607 7398

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Die Vriend wat die meeste deur u benodig word

## Deur Richard F. Ames

'n Jaar of meer van koronavirusverwante inperkings het groot druk geplaas op baie vriendskappe. Een skrywer het in *The New Yorker* geskryf: "Dit was nie maklik om ons hele sosiale lewe ten volle aanlyn uit te leef nie. Terwyl die afgelope maande oneindig moeiliker sou gewees het sonder *Zoom, FaceTime* en *WhatsApp*, is dit nie 'n plaasvervanger daarvan om geliefdes in die regte lewe te kan sien nie. Tegnologie wek dikwels die indruk van valse nabyheid wat kan lei tot 'n gebrek daaraan om 'n poging aan te wend om moeite te doen met daaglikse verhoudings" ("*Has the pandemic changed our friendships forever*?," 22 April 2021).

Vriendskappe word gebou en in stand gehou deur tyd saam deur te bring – iets wat die pandemie vir baie mense baie moeilik gemaak het. Dink aan hoeveel tyd dit verg om 'n ware vriendskap te ontwikkel. In 2018 het navorsers aan die Universiteit van Kansas bevind dat dit minstens 200 uur neem van tyd saam spandeer voordat mense 'n hegte vriendskap vorm ("*How to Make Friends? Study Reveals Time It Takes*," *News.ku.edu*, 28 Maart 2018). Om die vriendskap dan te onderhou, verg *meer* tyd saam om ervarings en kwesbaarheid te deel met diegene wat ons geleer het om te vertrou en wie geleer het om ons te vertrou.

Sommige regerings het die uitdagings wat eensaamheid meebring erken en het probeer om hulle burgers te help. 'n Hoofopskrif vroeër in 2021 het ongewone nuus gedeel: "Japan stel 'n 'Minister vir Eensaamheid' aan na styging in selfdood gevalle" (*The Independent*, 25 Februarie 2021). Ja, sommige mense het só depressief geraak tydens die pandemie se inperkings dat hulle hul eie lewe geneem het.

Gereelde lesers van die *Wêreld van Môre* weet dat die Bybel gevul is met waarhede oor profesie, leerstellings en ons ongelooflike toekoms as kinders van die Skepper-God. Hoeveel van ons besef egter dat die Bybel ook vir ons sleutels gee om vriendskappe te bevorder asook om die probleem van eensaamheid aan te spreek? Het u goeie vriende? 'n Beste vriend? Hoe kan u 'n hegter verhouding met u beste vriend bou?

**Dawid en Jónatan**

Koning Dawid van ouds is voordat hy koning geword het deur die profeet Samuel gesalf om koning Saul op te volg (1 Samuel 16). Baie van u weet van Dawid se oorwinning oor die Filistynse reus Góliat en sy daaropvolgende militêre oorwinnings. Koning Saul het jaloers geraak op Dawid en hom twee keer probeer doodmaak sodat sy eie seun Jónatan die volgende koning kon word. Jónatan het egter Dawid se beste vriend geword en het besluit om Dawid teen koning Saul se woede te beskerm. "So het Jónatan dan 'n *verbond* gesluit met die huis van Dawid. En die HERE het dit geëis van die hand van Dawid se vyande. En Jónatan het Dawid weer laat sweer by sy liefde vir hom; want hy het hom liefgehad met die liefde van sy siel" (1 Samuel 20:16-17).

Hierdie seldsame voorbeeld van getroue en liefdevolle vriendskap was binne die konteks van God se seën. Onthou die merkwaardige stelling in Handelinge 13:22 oor Dawid se karakter: "En nadat Hy [God] hom [koning Saul] afgesit het, het Hy Dawid vir hulle verhef as koning, van wie Hy ook gesê en getuig het: Ek het Dawid, die seun van Ísai, gevind, 'n man na my hart, wat al my welbehae sal doen" (Handelinge 13:22).

Koning Dawid het tog geweet dat sy hegste verhouding met God was, wat hom geseën en hom deur talle beproewings gedra het. Nadat hy deur sy ou vriend Agitófel verraai is, het

Dawid gedink: “Maar ek, ek roep God aan, en die HERE sal my verlos. Saans en smôrens en smiddags klaag ek en steun, en Hy hoor my stem” (Psalm 55:17-18).

My vriende, ek en u het dieselfde hegte verhouding met God nodig. Ons lees: “Nader tot God, en Hy sal tot julle nader” (Jakobus 4:8). Jakobus noem ook: Die aartsvader “Abraham het God geglo ... en hy is 'n vriend van God genoem” (Jakobus 2:23). Wie is u beste vriend?

Deur die jare heen het ek baie, baie vriende gehad, maar wie is my *beste* vriend? God het my geseën met 'n wonderlike vrou en ons is nou al meer as 57 jaar getroud. Wat het ons bymekaar gebring en gehou? Ons het soortgelyke agtergronde gehad wat betref kultuur en opvoeding, maar wat ons vriendskap en ons liefde, verstewig het, was die lewenswyse waarvoor God ons geroep het om te leef. Dit is die lewenswyse waaroor u in die tydskrif *Wêreld van Môre* gelees het. Ek en my vrou is nie net vriende nie, maar ook 'n gesin en God roep baie mense nie net tot bekering nie, maar tot volle lidmaatskap van *Sy* Gesin.

**Bevry uself van eensaamheid**

Lesers wat lank reeds die *Tomorrow's World* lees, onthou dalk 'n bemoedigende artikel deur 'n skrywer Phil Sena. In ons Maart-April 2010 uitgawe het hy die probleem van eensaamheid ondersoek en maniere voorgestel om die siklus van eensaamheid te help verbreek:

**Maak kontak met ander mense**. Daar is ander mense wat van dieselfde dinge hou as waarvan u hou of wat dieselfde dinge glo as wat u glo. Alhoewel dit aanvanklik moeilik mag wees, kan u 'n poging aanwend om van daardie mense te ontmoet. Dit sal u lewe verander. Reik uit na mense wat u belangstellings deel en u eensaamheid sal binnekort tot 'n einde kom. Een van die beste maniere om eensaamheid te oorkom, is om te besef dat daar ander eensame mense is en dat u hulle dalk kan help. Is daar iemand in u gemeenskap wat hulp nodig het? Dit hoef nie iets groots te wees nie; dalk net om tyd te neem om na 'n bejaarde wat ingehok is te luister of om 'n niggie of nefie aan te moedig deur saam 'n balspeletjie te speel. Om 'n verskil in iemand anders se lewe te maak, sal 'n groot verskil in u eie lewe maak (“Bevry uself van eensaamheid”).

Ja, u kan na ander mense uitreik. Bid en vra God om u te help om u naaste lief te hê (Markus 12:31). Dit is die tweede groot Gebod wat God ons gee. Die meeste mense weet van dié “Goue Reël” – maar hoeveel mense beoefen dit as 'n lewenswyse? Jesus het dit so gestel: “Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete” (Matthéüs 7:12).

Een van die skrywers van *Tomorrow's World*, Rod McNair, het 'n nuttige artikel in die *Tomorrow's World* tydskrif van Januarie-Februarie 2020 geskryf wat aan ons vyf beginsels gee om eensaamheid te oorkom. U kan die hele artikel aanlyn lees by *TomorrowsWorld.org*, maar in hierdie kort oorsig deel ek net sy vyfde beginsel: “Spandeer tyd saam met u belangrikste Vriend”. Voor Sy kruisiging het Jesus Christus vir Sy dissipels gesê: “Ek noem julle nie meer diensknegte nie ... Maar Ek het julle vriende genoem” (Johannes 15:15). Dit is 'n wonderlike verklaring van die Verlosser van die hele mensdom! (“Iemand om mee te praat”.)

Het u u Verlosser se aanbod van vriendskap aanvaar? Indien wel, wat het u in gemeen met u Vriend? Wat doen u om na aan Hom te bly? Let op wat Jesus van Sy vriende gevra het: “Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad; bly in hierdie liefde van My. As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly” (Johannes 15:9-10). Natuurlik sal u dit nie volmaak doen nie; maar terwyl u probeer, selfs wanneer u die doel mis, sal u volgehoue poging u verhouding met u Vriend en Verlosser opbou en versterk!

Terwyl alle goeie vriende beslis probeer om mekaar te help, het u Vriend – Jesus Christus – iets aangebied wat niemand anders kan bied nie; Hy het u redding en die ewige lewe belowe indien u daardie belofte aanvaar en Hom toelaat om Sy heilige en regverdige lewe in u te leef! Hy het gedoen wat geen ander vriend kon doen nie. Hy het die straf van u sondes betaal deur Sy eie onskuldige bloed te vergiet. Wat 'n wonderlike liefde! Inderdaad, God *is* liefde (1 Johannes 4:8, 16).

**'n Paar beginsels van vriendskap**

Hoe kan ons ware vriendskap beoefen? Kom ons kyk na die patriarg Job en sy drie vriende. Om Job te toets, het God toegelaat dat Satan hom met groot lyding teister. Let op dat alhoewel Job se vriende hom verkeerd beoordeel het, hulle steeds 'n buitengewone bereidwilligheid getoon het om in Job se lyding te deel. “En hulle het by hom op die grond gaan sit, sewe dae en sewe nagte lank, sonder dat iemand 'n woord met hom gepraat het; want hulle het gesien dat die smart baie groot was” (Job 2:13). Hulle was bereid om vir 'n lang tydperk stil te sit om hulle vriend te ondersteun. Sou u die deernis en geduld vir 'n vriend hê om vir sewe dae in stilte te sit? Dit is ware toewyding. Die boek Spreuke wys ons ook op belangrike beginsels van vriendskap:

- “Die regverdige laat sy pad vir hom wys deur 'n vriend” [kies sy vriende versigtig] (Spreuke 12:26, NV). Baie mense maak die fout om hulle karakter en beginsels op te offer net om 'n vriend te hê. Indien u 'n getroue vriend is, sal u opstaan vir Goddelike beginsels en dit nooit opoffer nie.

- “Wie 'n oortreding bedek, soek liefde; maar hy wat 'n saak weer ophaal, skei vriende van mekaar” (Spreuke 17:9). 'n Getroue vriend openbaar nie argeloos iemand se swakhede nie, maar streef daarna om hom of haar te help om 'n karakterfout te oorkom.

- “Die vriend het altyd lief, en die broer word gebore met die oog op die nood” (Spreuke 17:17). Die Nuwe Vertaling stel dit só: “Op 'n vriend se liefde kan jy altyd reken; jou broer is daar met die oog op jou nood.”

**Leer u Vriend ken**

Hoe beter ons Jesus Christus leer ken, hoe meer sal ons die waarheid ervaar dat Hy ons beste Vriend is. Natuurlik wil ons meer leer oor ons naaste vriende. U mag dalk verbaas wees om te hoor hoeveel mense 'n skokkende valse beeld van Christus en Sy leerstellings aanvaar het. Selfs die apostel Paulus het dit sien gebeur en het die broeders van Korinthe gewaarsku: “Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Korinthiërs 11:3-4).

Dit is wel so dat sommige van die broerders in Korinthe 'n valse evangelie aanvaar het wat 'n *valse Jesus* verkondig het. Hoe kan u seker wees dat u die *ware* Jesus ken? Onthou die Jesus van u Bybel:

**Het die weeklikse sewende-dag Sabbat onderhou –** nie Sondag nie. Markus 2:28 herinner ons daaraan dat Hy Here van die Sabbat is.

**Is in die herfs {in die Noordelike Halfrond} gebore, toe die skaapwagters in die oop veld gebly het** (Lukas 2:8). U sal dalk u eie navorsing wil doen om vas te stel wie se verjaardag *werklik* in antieke tye op 25 Desember gevier is.

**Het ons geleer dat ons die Tien Gebooie moet onderhou**. Lees Matthéüs 19:17 en vergelyk dít met wat so baie mense valslik in Christus se naam verkondig.

**Het die Bybelse Feeste en jaarlikse Heilige dae onderhou**. Let op dat Hy volgens Johannes 7 die Huttefees onderhou het. Nie Hy óf Sy dissipels het heidense vakansiedae gevier of dit met bedrieglike "Christelike" name verdoesel nie.

Geagte lesers, ek raai u regtig aan om die Nuwe Testament vanuit 'n vars perspektief te lees. Lees wat Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes oor Hom skryf. Dit is nodig dat u die Bybel bestudeer en die ware Jesus leer ken. U sal Hom baie anders vind as die tradisionele beelde wat regoor die wêreld opgedis word!

**Wat is u Vriend besig om te doen?**

Weet u waar Jesus Christus nou is? Hy is aan die regterhand van Sy Vader se troon in die hemel (Romeine 8:34). Hoe lyk Hy? Die Skrif gee vir ons 'n beskrywing van Sy voorkoms, wat openbaar dat Hy beklee is "met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel. Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters" (Openbaring 1:13-15). Is u geleer om u Verlosser voor te stel as 'n lang maer persoon met lang hare en met 'n bleek vel? Dit is nie akkuraat nie, aangesien Hy 'n timmerman was wat harde fisiese werk in die stede van Galiléa gedoen het en dit is ook nie akkuraat van die opgestane Christus vandag nie!

Wat is u vriend besig om te doen? Hy is u Voorbidder en Hoëpriester! "TERWYL ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, *naamlik* Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, *maar* sonder sonde" (Hebreërs 4:14-15). Wat beteken Christus se priesterskap dus vir u? "Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree" (Hebreërs 7:24-25). Ja, die ware Jesus van u Bybel leef *altyd* om vir u en u sondes en probleme in te tree!

Jesus Christus is nie net besig met Sy werk in die Hemel nie, Hy doen ook nou 'n Werk op die aarde, wat die weg voorberei vir Sy Wederkoms! Hy het Sy Kerk opdrag gegee om Sy ware Evangelie te verkondig. "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Matthéüs 24:14). Let op dat Christus se Evangelie die goeie nuus is van die toekomstige Koninkryk van God (Markus 1:14-15). Christus sal die Koning wees wat oor daardie Koninkryk regeer! Kan u u voorstel dat enigiemand lojaliteit en liefde vir 'n Koning verkondig, maar Sy Koninkryk teëstaan? Ongelukkig doen baie mense vandag presies dit wanneer hulle hul getrouheid aan Christus bely, maar weier om die Wette van Sy Koninkryk te gehoorsaam!

**Spandeer tyd saam met u vriend**

Ons het vroeër gesien dat vriendskappe, selfs gewone menslike vriendskappe, tyd neem om te ontwikkel en meer tyd neem om te verdiep en in stand gehou te word. Vriende spandeer tyd saam – hetsy persoonlik of via rekenaarskerms tydens 'n pandemie-inperking. Hulle vind maniere om hulle lewens met mekaar te deel. Deel u dus u lewe met u Verlosser en verál met Sy Vader? Hoeveel tyd spandeer u aan gebed? Gebed sal u nader aan God bring wanneer u u bekommernisse en begeertes aan Hom bekend maak, wanneer u Sy vergifnis en genade vra en u Hom dank vir alles wat Hy vir u gedoen het.

U is dalk bekend met dit wat baie mense "die Onse Vader" noem. Ongelukkig herhaal baie belydende Christene net die woorde daarvan soos 'n rympie, sonder om ooit te besef dat Jesus dit as 'n "voorbeeld" gegee het vir ons gebede, nie as 'n rympie wat geleer word soos 'n voordrag nie (Matthéüs 6:9-13). Let op waarteen Jesus die dissipels gewaarsku het voordat Hy aan hulle die modelgebed wat dien as voorbeeld gegee

het: "En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word" (Matthéüs 6:7). Sommige mense dink hulle is baie vroom en godsdienstig deur dieselfde woorde herhaaldelik te prewel. Dit is nie wat Jesus wil hê nie! Hy wil hê dat ons uit ons harte sal bid, nie om net die woorde van "die Onse Vader" – of enige ander gebed – te herhaal sonder om te dink nie! Let op dat Hy wil hê dat ons tot ons Vader in die Hemel sal bid – net soos Hy gedoen het! Jesus het nie gekom om Sy Vader se plek in te neem nie, maar om Sy Vader aan u en aan my te *openbaar* (Matthéüs 11:27).

Die meeste van ons, selfs al is ons 'n bietjie skaam, leer om gemaklik te wees om met 'n paar goeie vriende te gesels. Deur dit te besef kan u hierdie soort nabyheid met u Verlosser hê. Moontlik voel u dat u nie weet waaroor om te bid nie. Indien wel, maak net u Bybel oop by die boek Psalms. Dawid het 'n hegte band met sy Here, die ewige God, gehad. Die Psalms van Dawid beskryf sy opregte gevoel vir God so uit sy hart. Hy het sy vrese en sy probleme gedeel en het selfs sy ontsag en verwondering oor die uitgestrektheid van die heelal wat God geskep het, uitgespreek. Kyk veral na Psalms 8, 18, 19 en 24 en u sal deur Dawid se voorbeeld geïnspireer word.

**Vir altyd saam met u vriend?**

Terwyl u bid, onthou om een versoek in te sluit wat Jesus ons gevra het om te bid: "... laat u Koninkryk kom" (Matthéüs 6:10). U Vriend sal binnekort na hierdie aarde terugkeer as die Koning van die konings en Prins van vrede. Hy sal hierdie vleeslike, selfsugtige, strydende wêreld verander en die resultaat sal 'n millennium van vrede en voorspoed wees. Dit is die ware Evangelie – die ware Goeie Nuus. Sal u gereed wees?

Jesus het vir ons gesê: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word" (Markus 16:16). Het u gedoen soos u Vriend gevra het? Indien u by die plek in u lewe gekom het waar u tot bekering gekom het en Christus se offer aangeneem het – Sy gestorte bloed tot vergewing van u sondes en indien u Sy gesag oor u lewe aanvaar het, moedig ek u aan om in aanraking te kom met een van die vele leraars wat deel is van hierdie Werk. Kontak die streekkantoor die naaste aan u, soos dit gelys is op bladsy 2 van hierdie tydskrif.

Wanneer u deel word van God se Kerk, word u ook "seuns en dogters" van die Almagtige (2 Korinthiërs 6:18) en dus nie net vriende van ons Here nie, maar ook broers en susters van Sy baie ander vriende. Hebreërs 2:11 sê vir ons "om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie". Onthou dat dit God die Vader is na wie "elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang" (Efésiërs 3:15).

Deur elke Sabbat saam met mede-lidmate van die liggaam van Christus bymekaar te kom (1 Korinthiërs 12:27), sal u baie mense leer ken wat u belangstellings en veral u liefde vir u Verlosser en Sy Vader deel. U sal die bevrediging hê om te weet dat u deel is van die "eerstelinge" – die klein aantal mense wat God in hierdie tyd roep om die prediking van Sy ware Evangelie te ondersteun en vir die Koninkryk van God voor te berei.

Jesus is "die weg en die waarheid en die lewe" (Johannes 14:6). Hy is die "opstanding en die lewe" (Johannes 11:25). Ons lees dat "daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Handelinge 4:12). Daardie selfde Jesus wil u beste Vriend wees. Sal u reageer op Sy roepstem? WvM

*Vervolg vanaf bladsy 10 – Wie wil vir ewig lewe?*

wêreld" aan te sluit nie. Dit is nie om sensuele plesier na te jaag of selfs om "hemelse geluk" te verkry nie. As lede van die Goddelike Gesin van God, sal gehoorsame, getroue, opgewekte heiliges *vir ewig* deelneem aan die werk en opdrag van die Gesin – om vir *ewig* oor die ganse heelal in vrede en geregtigheid te regeer en dit te verfraai.

Dank God vir ons ontsaglike potensiaal en mag God die dag bespoedig wanneer Sy plan vir elkeen van ons voltooi sal wees. WvM

# Wie wil vir ewig lewe?

## Deur Rod McNair

In 'n onlangse opname deur die vermaaklikheidsfirma Bowlero is bevind dat die gemiddelde Amerikaner elke jaar 131 dae verveeld is. 'n Studie wat gedoen is in opdrag van die versekeringsmaatskappy Cigna het bevind dat 61 persent van Amerikaners eensaam voel. Kan u u voorstel dat diegene tot in ewigheid so sal voel soos wat hulle nou in die huidige lewe voel?

Dit is duidelik dat indien daar 'n hiernamaals bestaan, dit liewer iets meer sal wees as in hierdie huidige lewe. Hoe kan ons egter weet? Hoe kan ons na al die menings kyk en verstaan *waarom ons vir ewig sou wou leef?*

**Sluit aan by die "siel van die wêreld"?**

Die idee om by die dood "een te word met die kosmiese essensie" bestaan al duisende jare lank. In antieke tye het sommige mense geglo dat die siele van hulle konings met die dood in die hemelliggame soos die planete, maan en son binnegegaan. "Plutarch het verklaar dat die Egiptiese priesters uitdruklik geleer het dat 'Cronus, Osiris, Horus en al hulle ander vernaamste gode voorheen mense was, maar dat hulle siele na hulle dood na die een of ander hemelliggaam gemigreer het en die lewende geeste van hulle nuwe hemelse wonings geword het'" (John Garnier, *The Worship of the Dead*, bl. 14). 'n Toenemende getal Amerikaners is besig om 'n weergawe van hierdie leerstelling aan te neem; 'n *Pew Research o*pname het bevind dat 33 persent van die mense wat ondervra is aan een of ander vorm van reïnkarnasie glo ("'*New Age' beliefs common among both religious and nonreligious Americans*," 1 Oktober 2018).

Die Bybel beskryf wel dat opgewekte Christene 'n groter eenheid met God sal verkry. Jesus Christus het vir Sy dissipels gebid: "En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is" (Johannes 17:22-23). Mense wat geestelike wesens word, sal egter ook verskillende geestelike liggame en persoonlikhede hê; hulle sal nie net deel wees van 'n stom en blinde kosmiese krag nie. Die apostel Paulus verduidelik wat met die liggaam van 'n persoon sal gebeur wat in 'n graf in die grond begrawe is: "'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek. Daar is 'n natuurlike liggaam, en daar is 'n geestelike liggaam" (1 Korinthiërs 15:44).

Die ewige lewe gaan nie net daaroor om te verander na 'n ander energieke toestand nie – dit gaan oor 'n hegte, gehoorsame verhouding met 'n ware, persoonlike God (Johannes 17:3). Wat sal die heiliges egter vir ewig doen?

**Om vir ewig na glorie te staar?**

Is die uiteindelike doel van die ewigheid vir ons om saligheid te verkry deur in die aangesig van God te kyk of vir ewig op wolke te dryf? In 1336 het pous Benedictus XII die Rooms-Katolieke se idee van die hiernamaals beskryf: "Ná so 'n intuïtiewe en aangesig-tot-aangesig-visie en genot vir hierdie siele begin het of sal begin, het dieselfde visie en genot voortgegaan en sal dit voortduur sonder enige onderbreking en sonder einde tot die laaste oordeel en van dan af tot in ewigheid" ("*Benedictus Deus: On the Beatific Vision of God*," *The Christian Faith in the Doctrinal Documents of the Catholic Church*).

Om na die aangesig van God te kyk sal 'n ontsagwekkende en opwindende ervaring wees, soos die apostel Johannes verduidelik: "Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is" (1 Johannes 3:2). Om God die Vader op Sy troon te sien en om vir Jesus Christus te sien – wie se gesig soos die son skyn – sal *opwindend* wees. Sal die heiliges egter eenvoudig onophoudelik na Hulle staar?

Die opstanding van die

heiliges moet sekerlik 'n groter doel hê as om net na God te staar of op wolke rond te sit. Wat is daardie doel egter?

**Is plesier die doel?**

Baie mense stel geluk gelyk aan sensuele plesier – goeie kos, pragtige besienswaardighede en seksuele vervulling. Die antieke lere het geglo dat die goeie mense met die dood na 'n land van ewige jeug reis, waar die son nooit agter die wolke verdwyn nie en waar al die Ierse vroue baie mooi is (Gregg Stebben, *Everything You Need to Know About Religion*, bl. 16). Die Koran beeld Moslems uit wat die ewige lewe "op trone deurbring wat met goud en edelgesteentes geweef is en agteroor daarop lê, van aangesig tot aangesig. Hulle sal deur onsterflike seuns bedien word, met bekers en kanne en 'n glas van die vloeiende wyn, waarvan hulle nie hoofpyn of bedwelm sal raak nie. Ook vrugte wat hulle kan kies asook vleis van voëls wat hulle verkies. Daar sal *Houris* (mooi vroue) wees met groot, pragtige oë (as vrouens vir die vromes), net soos bewaarde pêrels. 'n Beloning vir wat hulle gedoen het" (*Surah 56:15-24*, *Noble Quran.com*).

Sensuele geluk in die hiernamaals – veral met betrekking tot seks – is lank reeds 'n wyd aanvaarde idee. Die professor in godsdiens, Alan F. Segal, van Barnard *College* het 'n paar jaar gelede aan die *AARP Magazine* gesê: "Amerikaners beskou die lewe na die dood as 'n baie dinamiese ding. 'n Mens hoor nie regtig van engele en vlerke wat op wolke sit en melodieë speel nie ... Hulle praat oor humor in die hiernamaals, voortgesette opleiding, verenigde gesinne – soos 'n aftrede sonder finansiële behoeftes ... Baie mense glo dat daar seks in die hiernamaals sal wees en dat dit meer genotvol sal wees".

Christus het wel gesê dat die primêre taak van opgewekte heiliges op die aarde sal wees, nie in die hemel nie en dat dit *opwindend* en *vervullend* sal wees. In die gelykenis van die talente verwys Hy na die Koninkryk as "die vreugde van jou heer" (Matthéüs 25:21). In Matthéüs 5:5 leer Hy ons: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe" – *nie die hemel* nie. Openbaring 21 beskryf 'n "nuwe aarde", met die "heilige stad" wat op aarde neerdaal om vir ewig die woonplek van God te wees. Na Sy opstanding verskyn Jesus aan Sy dissipels in menslike gedaante en geniet Hy selfs 'n maaltyd van vis en heuning saam met hulle (Lukas 24:42).

Die fisiese skepping om by God te woon sal 'n pragtige en aangename plek vir die opgewekte heiliges wees. Die bevrediging van die sintuie sal nogtans *nie* die uiteindelike doelwit van die opgewekte Christene op die aarde wees nie. Christus het byvoorbeeld verduidelik dat seksualiteit nie deel sal wees van wat die opgewekte heiliges sal ervaar nie; want "in die opstanding trou hulle nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos engele van God in die hemel" (Matthéüs 22:30).

Om in die Koninkryk van God te leef – onder God se Wette, deur Sy Gees – *sal* 'n vreugdevolle ervaring wees, maar geluk op sigself sal nie die uiteindelike doel en oogmerk van die ewige lewe wees nie.

**Herstel wat verlore geraak het**

Om ons geestelike bestemming te verstaan, moet ons die opdrag in herinnering roep wat God gegee het toe mense die eerste keer op die aarde geplaas is. God het aan Adam en Eva heerskappy gegee "oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Génesis 1:26). Aan die menslike gesin is die verantwoordelikheid gegee om te heers oor God se skepping. Op sy beurt moes Adam dit bewerk en bewaak. Hy en sy nageslag moes help in God se skeppingswerk om die aarde te verbeter en te verfraai.

Adam het nie die toets van gehoorsaamheid geslaag nie en Satan die duiwel kon die hele mensdom verlei en mislei (Openbaring 12:9). Deur die werk van die Messias – Jesus se lewe, offer, opstanding en Wederkoms – sal die duiwel uiteindelik omvergewerp word (Openbaring 20:2, 10). Met Christus se Wederkoms sal die toestand van die aarde terugkeer om weer te wees soos die tuin van Eden (Jesaja 51:3).

Wie sal egter deur God

gebruik word om die wêreld te herstel? *Die opgewekte heiliges.* Die Skrif beskryf hulle rol duidelik: "… en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers" (Openbaring 5:10). God gee ook aan Sy heiliges opdrag: "Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee" (Openbaring 2:25-26).

In die gelykenis van die ponde verduidelik Christus die leierskapsrol wat die opgewekte heiliges sal ontvang as beloning vir hulle getroue diens: "En die eerste het verskyn en gesê: Meneer, u pond het tien ponde wins gemaak. En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede" (Lukas 19:16-17). Die rol van die heiliges sal wees om saam met Christus oor die aarde te heers (Openbaring 3:12, 21).

Wat sal egter gebeur ná die algemene opstanding, nadat die millennium – die geprofeteerde duisendjarige bewind van Jesus Christus, op aarde verby is (Openbaring 20:4, 12)? Wat sal die heiliges doen nadat gehoorsame en bekeerde mense verheerlik is en die onboetvaardiges in 'n poel van vuur tot as verbrand is (Maleági 4:3)?

**Meer as die aarde**

God het die apostel Paulus geïnspireer om oor ons uiteindelike bestemming te skryf: "Want aan die engele het Hy die toekomstige wêreld waarvan ons spreek, nie onderwerp nie; maar iemand het êrens getuig en gesê: Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel" (Hebreërs 2:5-7). Die opgewekte heiliges sal God nie net help om oor die aarde te heers nie; hulle sal ook die engele "oordeel" – oor hulle regeer (1 Korinthiërs 6:2-3).

Daar is nog meer. Paulus het verder geskryf: "Alle dinge het U onder sy voete gestel" (Hebreërs 2:8). Wat bedoel Paulus met "alle dinge"? Die Griekse woord wat hier gebruik word, *ta panta*, is allesomvattend, wat beteken "alles, enige, elke, die geheel" (*BibleHub.com*). Alles sal onder die heerskappy van die opgewekte heiliges geplaas en in Sy Koninkryk bewerkstellig word.

Met ander woorde, alhoewel alle dinge – die ganse heelal – tans nie onder die heerskappy van die mensdom is nie, *sal* dit wel wees (Hebreërs 2:8). Kan ons dit begryp? Net soos God aan die mens oorspronklik gesag en heerskappy oor die aarde gegee het, is Sy uiteindelike doel dat ons oor *die ganse heelal* sal heers. Net soos dit bedoel was dat ons die aarde bewerk en verfraai, roep God ons ook om Hom te help om die verlate planete in die uitgestrekte heelal te herontwerp en te "beplant" (Jesaja 51:16).

**'n Werk wat nie sal eindig nie**

Wanneer God die man en vrou geskape het, het Hy hulle "na Sy beeld" geskape (Génesis 1:27). Terwyl die diere volgens die verskillende diersoorte gemaak is, is mense na die *Godsoort* gemaak. Alle lede van die menslike gesin wat deur God geskep is, word tereg Sy kinders genoem. Deur Sy werking ín ons deur die inwoning van Sy Gees, kan wedergeborenes deel word van God se *geestelike* gesin. Soos Jesus vir Nikodémus gesê het: "… as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" (Johannes 3:3).

Wanneer vind hierdie "tweede geboorte" plaas? *By die opstanding*. Jesus Christus het tydens Sy opstanding die "Eersgeborene" uit die dood geword (Kolossense 1:18; Openbaring 1:5; Romeine 8:29). Aangesien Hy die "eerste" is, dui dit daarop dat *ander wedergeborenes sal volg.* Paulus verduidelik dat Christus "verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode" (Romeine 1:4).

God wil Sy "Gesinsbesigheid", heerskappy, oor die ganse heelal met Sy kinders deel. Die mens se doel is om in die Gesin van God ingebore te word as die "erfgename van God en medeerfgename van Christus" (Romeine 8:17).

Die ewige lewe – die grootste geskenk wat God aan Sy kinders kan skenk – sal 'n groot en ontsagwekkende doel meebring. Dit is nie net vir 'n onbepaalde menslike bestaan nie. Dit is nie bedoel om by die "siel van die

***Vervolg op bladsy 7***

# Vergete lesse van die geskiedenis

## Deur Douglas S. Winnail

***Daar is sondes wat beskawings vernietig***

Vandag kan ons getuig van 'n massiewe poging om die kulture van die Westerse wêreld *totaal te verander*. Gedrag wat lank reeds as immorele perversies beskou is, soos byvoorbeeld aborsie, prostitusie, homoseksualiteit, dieselfdegeslag huwelike, transvestisisme en transgeslagtelikheid, word nou as aanvaarbaar beskou en selfs as "alternatiewe leefstyle" aangemoedig.

Regerings en kerke verwelkom hierdie "bevrydende" tendens en skoolkinders word geleer om hierdie gedrag as geoorloof en wenslik te beskou. Baie mense wat hierdie agenda teëstaan of bevraagteken, word aangeval as bekrompe dwepers wat vasklou aan 'n verouderde stel waardes. Op sommige plekke word negatiewe gesprekke oor hierdie tans goedgekeurde gedrag dikwels as "haatspraak" bestempel en boetes of gevangenisstraf word opgelê. Is *ons egter getuies van ware vooruitgang wat 'n nuwe era van aanvaarding, billikheid en sosiale harmonie sal inlui of kyk ons toe hoe die geskiedenis homself herhaal* met die terugkeer van perversies wat die agteruitgang van nasies en die verval van die beskawing sal bespoedig?

Daar word lank reeds gesê dat indien ons nie die lesse van die geskiedenis onthou nie, ons die *foute van die geskiedenis sal herhaal*. Is daar dus *lesse van groot belang uit die geskiedenis* wat veral vandag vir ons toepaslik is? Maak ons *dieselfde foute* wat gelei het tot die ondergang en vernietiging van vroeë kulture en ryke? Indien wel, waarom wys moderne leiers en opvoeders nie op die gevare daarvan om blindelings *dieselfde pad* na vernietiging te gaan nie? Waarom daag die media nie diegene uit wat die tragiese lesse van die verlede ignoreer nie? Die opgetekende geskiedenis is beslis vol duidelike voorbeelde – *indien ons net ons oë oopmaak*.

### Die opkoms van "*gay* regte"

Sedert die val van die Romeinse Ryk het algemene Bybelse morele waardes oor die huwelik en seksualiteit baie van die Westerse beskawing gekenmerk. Hierdie waardes was wydverspreid in Amerika, Wes-Europa, onder die nasies van Britse afkoms en in gebiede waar hulle invloed versprei het. Gedurende die afgelope paar dekades word hierdie morele waardes egter in die Westerse wêreld aangeval, bespot en geïgnoreer deur 'n stygende vlaag van gedwonge wêreldse waardes. Voor die vroeë 1960's was daar wette teen aborsie en al 50 state in Amerika het wette gehad wat homoseksuele aktiwiteite strafbaar gemaak het. Tog, vandag ondersteun byna 70 persent van Amerikaners nou dieselfdegeslag huwelike – in vergelyking met slegs 27 persent in 1996 ("*Gay marriage is the left's biggest culture war victory*," *TheWeek.com*, 8 Junie 2021). "Die meerderheid van volwassenes in al 15 lande in Wes-Europa wat in 2017 deur *Pew Research Centre* ondervra is, ondersteun dieselfdegeslag huwelike … Daar is selfs groter ondersteuning hiervan in Swede (88%), Denemarke (86%) en Nederland (86%)" ("*Where Europe Stands on Gay Marriage and Civil Unions*," *PewResearch.org*, 28 Oktober 2019). In onlangse jare het *Gay "Pride*"-parades miljoene toeskouers en duisende karig geklede deelnemers in baie Westerse lande gelok. Dit het heelwat dollars van die toeriste vir die stede wat die parades geborg het ingebring. In 2021 is VS ambassades opdrag gegee om die reënboogvlag te laat wapper ter ere van "*Pride month*".

Die mees onlangse stryd in die voortslepende kulturele oorlog is transgeslagtelikheid. Die Amerikaanse president Joseph Biden het "transgeslagtelike regte" as "die burgerregtekwessie van ons tyd" verklaar en

daar word druk uitgeoefen om enigiets uit te skakel wat lyk of dit teen transseksuele mense diskrimineer. In Amerika borg openbare biblioteke selfs "*Drag Queen* storie-ure" waartydens mans wat soos vroue aangetrek is vir kinders van twee wurms lees wat vir mekaar lief is en van 'n babadiertjie wat twee mammas of twee pappas het – temas wat ook in tekenprente uitgebeeld word in vandag se kindertelevisie programme.

Tragies genoeg word daar min of geen melding gemaak van die ernstige gesondheidsrisiko's wat met hierdie "bevrydende" lewenstyle geassosieer word nie: Aansienlik verhoogde gevalle van MIV-infeksies en ander siektes, groter risiko vir verskeie soorte kanker, ernstige depressie, verhoogde risiko van selfmoord en dood, 10 tot 20 jaar vroeër as die gemiddelde persoon ("*Negative Health Consequences of Same-Sex Behavior*," *CMDA.com*, Junie 2019). Hierdie belangrike inligting word doelbewus nie genoem nie weens dreigemente van regstappe en intimidasie en ook as gevolg van wydverspreide propaganda daarteen om enigiets negatief oor hierdie leefstyl te sê of om ander mense te ontmoedig om dit te volg.

**Die verval van Bybelse waardes**

Gedurende die dekades toe die bevordering van homoseksualiteit al hoe meer toegeneem het, het 'n *ander tendens* ook ontwikkel wat die media selde in verband bring met die vooruitgang van hierdie wêreldse agenda – die *kwynende invloed* van Bybelse Christelikheid in die Westerse wêreld. In die vroeë 1960's het die Amerikaanse Hooggeregshof verklaar dat gebed en die lees van die Bybel in openbare skole ongrondwetlik is. Gevolglik is studente nie meer aan Bybelse beginsels van reg en verkeerd buite hulle huise blootgestel nie en word hulle aangemoedig om hulle eie besluite oor morele waardes te neem, ongeag of hulle idees heeltemal in stryd is met wat die Bybel openbaar.

Die impak van wêreldse teorieë en idees is onbetwisbaar. Die Darwinistiese evolusieteorie argumenteer dat daar geen noodsaaklikheid vir 'n Skepper bestaan nie. Teoloë betwyfel die Bybel, opvoeders beweer daar is geen morele absolutes nie, wetenskaplikes dring daarop aan dat menslike redenasies alleen voldoende is om menslike probleme op te los – alles terwyl akademici en die media die Christendom bespot. Saam het hierdie faktore die afname van invloed van Bybelse waardes in die Westerse samelewing versnel en 'n omgewing geskep wat bydra tot die bevordering van 'n immorele en onsedelike agenda.

Dit het die afgelope dekades gelei tot 'n drastiese afname in kerkbywoning. Doopgetalle neem steeds af en die aantal mense wat beweer dat hulle geen godsdienstige affiliasie het nie, het regoor die Westerse wêreld toegeneem. Vandag woon slegs sowat 24 persent Amerikaners gereeld kerk by (*Statista.org*). In die Verenigde Koninkryk behoort slegs sowat 2 persent van jongmense aan die *Church of England* (*TheGuardian.com*), wat veroorsaak dat die ledetal die afgelope 50 jaar geleidelik afgeneem het. In Australië dui byna die helfte van die bevolking aan dat hulle geen godsdiens het nie (*RoyMorgan.com*). In Nieu-Seeland woon slegs sowat 9 persent van die mense gereeld kerk by (*NZHerald.co.nz*).

In die lig van hierdie tendense is dit geen verrassing dat die hoogste aanvaarding van homoseksuele gedrag in die wêreld gevind word in die sogenaamde "Christelike" nasies van die Weste, onder die jonger geslag in Eerstewêreldlande wat polities na links neig en *godsdienstig ongebonde* is nie ("*The Global Divide on Homosexuality Persists*," *PewResearch.org*, 25 Junie 2020).

In hierdie toenemend wêreldse omgewing het al hoe meer mense uit die oog verloor of nooit geweet wat die Bybel oor die huwelik en menslike seksuele gedrag sê nie. 'n Onlangse opname deur die *Cultural Research Centre* by die Arizona Christelike Universiteit het bevind dat die persentasie mense wat in God glo, oor die afgelope 30 jaar in Amerika van 86 persent tot 46 persent gedaal het en die persentasie mense wat die Bybel as akkuraat en as die betroubare Woord van God beskou, het van 70 persent tot 41 persent afgeneem. Die

opname het ook bevind dat slegs ses persent van die Amerikaners 'n Bybelse wêreldbeskouing het, wat daartoe gelei het dat die navorsers tot die gevolgtrekking gekom het dat "die Bybel toenemend verwerp word as 'n betroubare en toepaslike dokument van lewensbeginsels" ("*Just Two-Thirds of American Adults Say They Are Christian: Survey*," *ChristianHeadines.com*, 9 Junie 2021).

Die Bybel bevat *baie duidelike* stellings oor die huwelik en seksuele gedrag wat *presies* die *teenoorgestelde* van die moderne progressiewe agenda is. Dit is dus geen verrassing dat Bybelse instruksies beswadder en geïgnoreer word nie. Die Bybel openbaar dat God biologiese manne en vroue na Sy beeld geskep het om vrugbaar te wees en heteroseksueel te vermeerder binne monogame [een vrou] huwelike (Génesis 1:26-28; 2:24). Die Bybel sê duidelik dat dit 'n *gruwel* vir mans is om seksuele verhoudings met ander mans te hê (Levítikus 18:22) en vir vroue om seksuele verhoudings met ander vroue te hê (Romeine 1:26-27) en sê ook dat dit 'n *gruwel* vir mans is om soos vroue aan te trek en andersom (Deuteronómium 22:5).

Daar word ook in die Nuwe Testament aan ons vertel dat hoereerders, afgodedienaars, homoseksueles en dronkaards nie die Koninkryk van God sal beërf nie (1 Korinthiërs 6:9-10). Die apostel Paulus het die homoseksuele verhoudings wat gedurende sy tyd algemeen was, duidelik veroordeel as onnatuurlike en "skandelike hartstogte" wat uit 'n "slegte gesindheid" voortspruit (Romeine 1:24-32). Hy skryf ook in 2 Timótheüs 3:16: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid".

Ongelukkig het baie mense geen gewetensbesware daaroor om hierdie Bybelse instruksies te bespot en te verwerp nie. Daar is selfs diegene wat beweer dat Christelike waardes diskriminerend en haatlik is en vervang en aanvaar behoort te word deur gesindhede ten gunste van homoseksualiteit, dieselfdegeslag huwelike en transgeslagtelikheid. Die Bybel waarsku ons egter: "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai" (Galásiërs 6:7).

Is dit net leë woorde? Kan individue en nasies eenvoudig ignoreer wat deur God in Sy woord geïnspireer is? Is daar belangrike lesse in die geskiedenis en duidelike voorbeelde in die Bybel wat opgeteken is van wat met nasies en kulture gebeur het wat gekies het om hulle Skepper se instruksies oor seksualiteit en die huwelik te ignoreer?

**Sodom se siek samelewing**

Een van die oudste en ontnugterendste lesse van die geskiedenis is opgeteken in die boek Génesis. Die stede Sodom en Gomorra is totaal deur vuur en swawel vernietig gedurende die dae van die aartsvader Abraham (ongeveer 2,000 v.C.). Sodom en Gomorra was voorspoedige stede in 'n waterryke vlakte naby die Dooie See (Génesis 13:10). Vandag is die hele gebied rondom die Dooie See 'n droë, dorre, verlate woesteny van rotse en sand, soos wat dit vir duisende jare was ná die vernietiging van Sodom en Gomorra.

Argeoloë het terreine gevind wat dalk die oorblyfsels van antieke Sodom kan wees – Tell el-Hammam en Bab edh-Dhra. Albei terreine toon vernietiging deur vuur en lae as van ongeveer die tyd van Abraham en albei terreine is naby die Dooie See. Alhoewel nie een van die terreine duidelik as die antieke stad Sodom geïdentifiseer is nie, verleen die tyd, wyse van vernietiging en ligging, geloofwaardigheid aan die Bybelse beskrywing van hierdie antieke stede ("*Which Site is Sodom*?," *Biblical Research Bulletin*, volume XIV, nr. 1, 2014).

Alhoewel bewyse van argeologie ons kan voorsien van 'n beskrywing van *wat* met Sodom en Gomorra gebeur het, teken *slegs* die Bybel aan *waarom* hierdie skielike vernietiging plaasgevind het – daardie rede is uiters toepaslik op ons huidige situasie.

Ons lees "die manne van Sodom was sleg en groot sondaars voor die HERE" (Génesis 13:13) en dat hulle sonde "waarlik baie swaar" was (Génesis 18:20). Daar het twee engele, met die voorkoms van manne verskyn, om Abraham se

broerskind Lot te besoek. Die mans van Sodom het toe die huis omsingel en geëis om met hulle omgang te hê (Génesis 19:4-5). As gevolg van hierdie verdorwe gedrag het die engele vir Lot en sy gesin uit die stad uitgelei voordat dit totaal deur vuur en swawel vernietig is (Génesis 19:24-28).

Sommige mense probeer om die rol wat homoseksualiteit in hierdie katastrofiese vernietiging gespeel het te verontagsaam deur te beweer dat 'n poging tot seksuele aanranding die enigste sonde was wat tot Sodom se ondergang gelei het. Hierdie argument ignoreer egter ander geskrifte wat duidelik dui op homoseksualiteit en ander seksuele perversies as belangrike faktore in hierdie ramp. Eségiël 16:40-50 noem hoogmoed, luuksheid, ledigheid, verwaarlosing van die armes en *gruwels* (wat homoseksualiteit insluit – sien Levítikus 18:22; 20:13). In die Nuwe Testament sê die boek Judas dat Sodom en Gomorra 'n voorbeeld van stede was wat deur vuur vernietig is omdat hulle "gehoereer en agter vreemde vlees aan geloop het" – onnatuurlike beoefening van seks (Judas 1:7).

Wat het die sonde van Sodom en sy vernietiging egter vandag met ons te doen? In Lukas 17:28-30 word aan ons vertel dat wanneer Jesus Christus terugkeer om hierdie aarde te oordeel, toestande sal wees net soos in Sodom gedurende die dae van Lot. Vandag sien ons die aanvaarding en bevordering van homoseksualiteit en ander seksuele perversies op 'n massiewe skaal in nasies wat voorheen beweer het dat hulle in God en Bybelse waardes glo. Hoe lank sal God dit nog laat voortduur?

**Heidense Griekeland en Rome**

In geskiedenisklasse hoor ons baie van Griekse demokrasie en Romeinse reg, maar ons hoor selde van wat sosiaal aanvaarbaar was in daardie antieke heidense kulture – praktyke en gesindhede teenoor seksuele gedrag wat tot onlangse dekades afstootlik was vir Westerse denkrigtings wat deur byna 2,000 jaar gekondisioneer was deur Bybelse leerstellings oor seksualiteit.

Seksuele losbandigheid was wydverspreid onder die heidense Grieke en Romeine. 'n Getroude man kon seksuele verhoudings met manlike en vroulike slawe hê. Prostitusie is aanvaar, wettig en belas – wat finansiële wins aan plaaslike regerings bevorder het en na heidense tempels wat deur manlike en vroulike "heilige" prostitute bedien is – soos in antieke Korinthe. Vir mans was daar geen stigma daaraan verbonde om biseksueel te wees nie en *pederastie* – seksuele verhoudings tussen volwasse mans en adolessente seuns – was as 'n normale praktyk beskou. Trouens, die verhouding tussen volwasse mans en adolessente seuns was beskou as 'n "hoër vorm" van liefde as wat 'n seksuele en intellektuele verhouding tussen *gelykes* behels. Dit is dus nie toevallig dat die Griekse god Eros en sy Romeinse eweknie Cupido as naakte seuns uitgebeeld word nie.

Pornografiese kuns was algemeen in huise en openbare baddens uitgestal. Gimnasiums waar mans en seuns naak geoefen het om hulle liggaamsbou te ontwikkel, was dikwels waar hierdie volwasse-adolessente verhoudings begin het. Vandag noem ons hierdie seksuele rowers pedofiele. Kindermoord is ook wyd deur die Grieke en Romeine beoefen en in hierdie antieke heidense kulture is vroue as minderwaardig teenoor mans beskou en wat deur die gode geskep is om net lastig vir die mensdom te wees.

Die keiser Tiberius het groepe seuns aangehou vir sy persoonlike perverse plesier. Nero het in die openbaar met 'n transvestistiese man getrou en verhoudings met ander mans en vrouens gehad. Keiser Elagabalus het ook met 'n man getrou – afgesien daarvan dat hy verskeie vrouens en selfs meer vroulike minnaresse gehad het. Suetonius, 'n Romeinse skrywer in die tweede eeu n.C., het 'n lys van hierdie walglike gedrag in *The Twelve Caesars* saamgestel.

Ons leer uit die geskiedenis dat hierdie perverse gedrag al duisende jare bestaan. Die "*playboy*"-leefstyl, wydverspreide wettige prostitusie, babamoord, homoseksualiteit, dieselfdegeslag huwelike,

***Vervolg op bladsy 26***

# Aanlyn seksuele teisering: Wat kan u doen?

## Deur Simon R.D. Roberts

Hoeveel mense wat hierdie artikel lees, het 'n idee van hoe algemeen seksuele teistering oor die Internet is, selfs onder kinders? Oorweeg die volgende: Die BBC het op 10 Junie 2021 'n skokkende feit uit 'n staatskoolinspeksieverslag beklemtoon wat sê dat "sommige meisies deur tot 10 of 11 verskillende seuns per nag gekontak kan word wat vir naak- of halfnaakfoto's vra" ("*Girls asked for nudes by up to 11 boys a night*, Ofsted finds"). Die inspekteurs het tot die gevolgtrekking gekom dat seksuele teistering en aanlyn seksuele misbruik onder skoolgaande kinders "algemeen" geraak het.

Ouers oral oor behoort bekommerd te raak dat hierdie soort gedrag in ons skole gerapporteer word, en moet erken dat *hulle* die primêre verantwoordelikheid het om hulle kinders te leer hoe om gepas op te tree teenoor lede van die teenoorgestelde geslag, nie die skoolstelsel nie. Die kwessie begin by die huis en word skool toe geneem, die oplossing moet sekerlik ook by die huis begin. God se Woord spreek hom baie sterk uit oor die belangrikheid daarvan om ons kinders te beskerm teen *alle* mishandeling, wat vandag aanlyn mishandeling insluit.

**Meer kwesbaar as ooit**

Die *World Wide Web Foundation* het 'n verslag gepubliseer wat die bevindinge van die Verenigde Koninkryk se skoolinspeksie ondersteun, wat toon dat hierdie wydverspreide mishandeling 'n internasionale kwessie is deur te sê: "52% van jong vroue en meisies wat ons ondervra het, het gesê dat hulle aanlyn mishandeling ervaar het, met inbegrip van dreigende boodskappe, seksuele teistering en die deel van privaat foto's sonder toestemming" ("*There is a pandemic of online violence against women and girls*," *WebFoundation.org*, 14 Julie 2020).

Die COVID-pandemie oor die afgelope 18 maande het net gedien as 'n katalisator vir die probleem, met jongmense wat baie meer tyd op Internet spandeer. Aanlyn, waar die meeste mense tot 'n mate van die werklikheid verwyder voel, is waar baie van hierdie seksuele teistering plaasvind. In 2017 het 'n Britse opname deur die liefdadigheidsorganisasie *Plan International* bevind dat 50 persent van meisies onder 18 en 40 persent van seuns aanlyn afknouery ervaar het. In baie gevalle het dit verband gehou met die foto's wat hulle van hulself aanlyn gedeel het, sommige van 'n eksplisiete aard. Sodra dit gedeel is, is alle beheer oor hierdie foto's verlore, en hulle kan vir afpersing gebruik word.

Sosiale media-toepassings soos *Snapcha*t en *Whisper*, wat toenemend gebruik word om foto's onder skoolgaande kinders te deel, bied 'n valse hoop om groter blootstelling te beheer deur die tyd wat foto's geplaas bly, te beperk. *CommonSenseMedia.org* sê: "Die oënskynlik risikovrye boodskappe kan gebruikers aanmoedig om foto's te deel wat seksueel van aard is" ("*18 Social Media Apps and Sites Kids Are Using Right Now*," 6 Junie 2019).

Fundamenteel behoort die dieper vraag te wees: *Waarom is hierdie kinders bereid om onvanpaste foto's van hulleself te deel?* Indien kinders nie hierdie materiaal aanlyn plaas nie, gaan 'n deel van hierdie deurdringende probleem verdwyn. Foto's kan maklik gekopieer en elders geplaas word – dalk nog erger, in pornografiese materiaal geredigeer word – en selfmoord het tragies bewys dat dit 'n toenemende gevolg van die gevolglike lewensverpletterende verleentheid is.

**Beskerm die onskuldiges teen aanlyn rowers**

Die uitdaging vir vandag se ouers is dat soveel van hulle kinders se kommunikasie met vriende, sowel as met vreemdelinge, aanlyn plaasvind, eerder as persoonlik. Vreemdelinge kan vriendelik voorkom of hulle soos ander kinders voordoen terwyl hulle probeer om 'n manipulerende verhouding te bou, 'n proses wat *grooming* genoem word. Ongelukkig het baie ouers geen idee wat aanlyn aangaan en hoe verraderlik dit kan wees nie. Die Internet het 'n hulpmiddel geword vir vinnige kommunikasie en die vrye uitruiling van foto's en video's. Duidelike bewyse toon dat hierdie metodes uitgebuit word deur veragtelike individue – ouers behoort bewus gemaak te word van wat aan die gebeur is.

Wanneer dit by die *gedrag* van ons kinders kom, moet ons die onvermydelike vraag stel*: Wie is op die ou end verantwoordelik om hulle te leer hoe om teenoor ander op te tree*? Dit is sekerlik die rol van hulle ouers en gesinslede wat hulle liefhet om godvrugtige waardes in te skerp en hulle die behoefte te leer om vriendelikheid en respek te betoon – om die Bybelse fokus op die behandeling van ander persone te prioritiseer soos ons behandel wil word en om niemand te verkleineer tot 'n blote fokus vir eiegewin nie.

Ons kinders moet van kleins af geleer word dat die Internet, net soos die "regte wêreld", 'n potensieel skadelike omgewing is. Indien ons kinders onvanpaste, suggestiewe boodskappe ontvang of onvanpaste foto's sien, moet hulle hul ouers of voogde daarvan vertel. Om met betroubare geliefdes oor hierdie dinge te praat, verg moed. Dit verg oop kommunikasielyne en tyd saam met ouers en grootouers om te bespreek wat hulle by die skool of aanlyn ervaar. Wanneer hulle reageer op gebeure van seksuele teistering of aanlyn misbruik, moet ouers en voogde baie versigtig wees om nie hulle kind, wat die slagoffer is, te blameer nie; die verantwoordelikheid lê regverdiglik en met reg by die oortreders, of hulle nou ookal ander studente by die skool of aanlyn "vriende" en kontakte is.

Praktiese stappe kan geneem word. Ouers wil dalk toegang tot die Internet slegs op gesinsrekenaars in gemeenskaplike ruimtes by die huis toelaat, en slimfoongebruik met geskikte sagteware-nutsmiddels beperk. "Privaat" eerder as "Publieke" toepassings kan dalk diegene beperk wat u kan volg of direk aan u 'n boodskap op sosiale media kan stuur, maar sal nie noodwendig verhoed dat u profiel in soekresultate verskyn nie. Die beperking van kontakte tot vriende en familie – diegene wat jy regtig vertrou – is die beste raad, maar dit is dalk nie altyd moontlik nie, afhangende van die sosiale media-platform. Die deel van openbare foto's van minderjariges – selfs ons klein en pragtige kinders of kleinkinders – in verskeie toestande van ontkleding is beslis hoogs twyfelagtige aanlyngedrag.

**God se standaard van sorg**

Jesus Christus waardeer kinders baie en waarsku – in geen onsekere terme nie – oor hoe ons vir hulle moet sorg. "[M]aar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see" (Matthéüs 18:6).

Spreuke 31 teken die woorde van koning Lemuel (Salomo) aan wat sy moeder aan hom geleer het. Hy beklemtoon 'n sleutelaspek van hoe iemand met goddelike gesag – soos 'n ouer – geregtigheid namens kinders onder hulle sorg moet laat geld: "Praat jy vir dié wat self nie hulle sê mag sê nie, kom op vir die reg van dié wat te gronde gaan" (Spreuke 31:8 NV). In God se oë het ons 'n kollektiewe verantwoordelikheid om alle kinders te beskerm teen gevaaar. Dit word heel eerste vermag in die huis met ouers wat hulle kinders opvoed in die weg wat hulle moet gaan (Spreuke 22:6).

Ons moet ons seuns en dogters 'n gepaste, respekvolle en selfbeheersde benadering tot ander leer, sowel as die gepaste reaksies op ander in verskeie situasies. Almagtige God bepaal wat reg en verkeerd is in die gebruik van ons liggame en verstand, selfs wanneer dit in die jeug gedryf word deur die hormone wat Hy geskep het.

*Vervolg op bladsy 22*

# Die EU ná Brexit: Beter sonder die euro?

## Deur John Meakin

In die *Tomorrow's World* *van* Julie 2021 het die artikel *"London Calling"* na die vooruitsigte van die Verenigde Koninkryk ná die "Brexit" [uittrede] van die Europese Unie gekyk. In hierdie artikel kyk ons na die ander kant van die saak deur te vra: *Hoe gaan dit met die Europese Unie (EU) ná Brexit en wat is die vooruitsigte daarvan – veral in die lig van Bybelse profesie?*

Terwyl ek hierdie artikel skryf, lyk dit op die oog af dat die EU relatief stabiel is. Agter die skerms gaan alles egter nie goed nie. Die skuldlas in die eurosone, net soos in baie ander dele van die wêreld, het drasties toegeneem as gevolg van die stryd om die impak van COVID-19 te versag. Die algemene staatskuld van die EU het dramaties toegeneem – van 84 persent van die BBP in 2019 sal dit na verwagting teen die einde van 2021 meer as 98 persent wees.

Moontlik nog erger as dít, is dat individuele lidlande se skuld op die bankbalans-state toeneem. In Februarie beloop Italiaanse banke se uitgifte vir staatskuld byvoorbeeld, 124 persent van hulle bruikbare reserwes. Dit maak hulle uiters kwesbaar in geval van verdere nood. Sommige finansiële kommentators waarsku dat die EU op pad is na 'n nuwe finansiële krisis. Dit het alles te doen met die lewensvatbaarheid van die euro, die enkele geldeenheid wat die kern van die Europese projek is (sien "*Europe is Heading Toward a New Financial Crisis,*" *Bloomberg.com,* 12 April 2021).

**Brexit het 'n "steeds hegter Unie" beëindig**

Brexit was 'n keerpunt in die geskiedenis van die Europese Unie. Vir 60 jaar lank het die EU voortdurend in krag, omvang en grootte toegeneem. Tog, selfs al het die EU lidlande bygekry, het daardie nasies se mag en soewereiniteit verswak. Wat begin het as 'n organisasie wat bedoel was om Duitsland te beperk en te beheer, het dit 'n organisasie geword *wat beheer word deur* Duitsland, sy grootste lid. Brexit het die EU se grondbeginsel van 'n "steeds hegter unie" met een slag geruïneer. Dit het skokgolwe deur die hele EU gestuur en die behoefte aan selfondersoek en besinning oor die pad vorentoe aangewakker. Die EU word gedwing om homself te verander – of *tot niet te gaan*.

Regdeur sy geskiedenis het die EU ernstige probleme onder-vind wat afbreuk doen aan die doeltreffendheid en sukses daarvan. Wat eers as 'n supranasionale *ekonomiese federasie* beskou was, het deur die jare in 'n polities-gedrewe superstaat verander. Die doel daarvan was om 'n soort "Verenigde State van Europa" te word wat met die Verenigde State van Amerika kon meeding. Algaande het die doelwit van een van sy stigters, Robert Schuman, verlore gegaan – wat 'n baie groter vlak van demokrasie beoog het as in die manier waarop die EU funksioneer.

Interne ontevredenheid en spanning het geleidelik toegeneem namate die EU uitgebrei het. Dit is nie verbasend dat hierdie faktore die besluit van die Verenigde Koninkryk om te onttrek beïnvloed het nie. Enige bespreking oor die toekoms van die EU moet die volgende aanspreek: Die impak van globalisering en die uitkontraktering van werk, 'n demokratiese tekort aan funksionering, eksterne immigrasie na die EU en interne beweging binne die unie, korrupsie, asook versuim om EU-uitgawes voldoende te oudit en 'n onversetlike burokratiese "Galliese" denkkrag wat alle EU-aktiwiteite oorkoepel. *Dit is 'n taamlike lys*.

**'n Verdeelde Unie**

Dit alles dui op 'n unie wat ondoeltreffend is om aan die behoeftes van die bevolking te voldoen en wat nie self vrede

het nie. Tydens haar 16 jaar in die amp het Angela Merkel, die uittredende kanselier van Duitsland [amptelik uitgetree op 9/12/2021], byvoorbeeld meer as enigiemand anders die ontwikkeling en vooruitgang van die EU beïnvloed. Die prominente Duitse joernalis Wolfgang Münchau het Merkel sleg gesê en beweer dat "die gemors wat sy geskep het, verskriklik duidelik geword het. Sy laat 'n verdeelde EU agter wat nie net sonder leiding is nie, maar wat moontlik nou onbeheerbaar mag wees" ("*Angela's ashes: Merkel is leaving the EU in chaos*", *SpectatorWorld.com*, 1 Julie 2021).

Twee van verskeie voorbeelde wat Münchau se artikel insluit, is Merkel se "spontane uitvoerende wet" van 2015 wat 'n miljoen vlugteling-immigrante uit die Midde-Ooste na Europa toegelaat het en haar besluit ná die finansiële krisis van 2008 om die aanvaarding van EU-wye "*Eurobonds"* [obligasies] te blokkeer wat daarop gemik was om nasionale skuld gemeenskaplik te maak regoor die multinasionale EU. Haar besluit in verband met immigrasie is geneem sonder om koalisievennote of ander EU-lidlande te raadpleeg en het enorme spanning en opspraak in die hele EU veroorsaak. Haar besluit om die voorstel van die *Eurobonds* van die tafel af te vee, sou heel moontlik die hele eurosone kon laat ineenstort as dit nie vir die tussenkoms van Mario Draghi van die Europese Sentrale Bank (ESB) was nie. Münchau sluit sy artikel af met 'n klaaglied dat die EU sterk en verenig kon gewees het, maar in plaas daarvan "sien ons verwarring" – oproer en wanorde.

**Die konferensie oor die toekoms van Europa**

Namate die EU sy uitdagende toekoms tegemoet gaan, is dit nodig dat dit baie meer hanteer as die verlies van die VK wat 15 persent van die EU se ekonomie, 20 persent van sy uitvoere en 12,5 persent van sy bevolking uitgemaak het. In Junie het die EU 'n jaar lange reeks debatte en besprekings begin wat ingestel was om "mense vanuit elke hoek van Europa in staat te stel om hulle idees te deel oor hoe om die toekoms van Europa te vorm" ("*Conference on the Future of Europe: Engaging with citizens to build a more resilient Europe,*" *European Commission*, 10 Maart 2021). Die program wat die Konferensie oor die "Toekoms van Europa" genoem word, is om 'n beter funksionerende Europese demokrasie teweeg te bring.

Die doel is om aan burgers 'n groter rol te gee in die vorming van beleid en ambisies van die EU. 'n Lys van moontlike temas sluit die rol van die EU in die wêreld in, hoe om demokratiese prosesse te versterk en die weerbaarheid van die Unie teen krisisse te verbeter. Die konferensie het ten doel om inklusief, oop en deursigtig te wees. Die President van die kommissie, Ursula von der Leyen, beloof dat "ons sal luister en dan sal ons optree".

Dit moet nog gesien word of dit sal slaag. Die taak om 27 uiteenlopende lande in een samehorige Unie te skep wat effektief, deeglik demokraties, eerlik en voorspoedig is, is 'n reuse onderneming. Sommige mense sal sê dat dit onmoontlik is.

**'n Fatale fout onthul**

Dit bring ons by een onderwerp wat die konferensie waarskynlik nie sal bespreek nie – hoewel dit die onderwerp is wat almal wil vermy – wat blyk die probleem te wees wat die grootste potensiaal het om die EU-projek in sy huidige vorm te laat misluk: Die gedeelde geldeenheid van Europa, *die euro*. Het Europa werklik 'n gemeenskaplike geldeenheid nodig of sou dit beter wees daarsonder?

Die ekonoom Nickolai Hubble bespreek in sy boek *How the Euro Dies* met besondere duidelikheid dít wat hy as die noodlottige fout beskou in die EU se vertroue op 'n gemeenskaplike geldeenheid. Hierdie fout behels gesentraliseerde monetêre beleid, 'n vaste wisselkoers vir alle lidlande en die risiko dat kapitaal maklik op *'n groot* skaal kan oorgaan na 'n geldeenheid wat as veiliger beskou word indien dinge verkeerd loop. Hy verduidelik dat hierdie drie faktore saam 'n onmoontlike dilemma skep.

Waarom maak dit saak dat alle EU-lande, ondanks verskillende ekonomieë, gedwing word om dieselfde rentekoers te deel? Aangesien dit beteken dat lid-

lande 'n belangrike veiligheidsmaatreël ontsê word om hulle eie rentekoerse te beheer, indien en wanneer omstandighede ontstaan wat 'n verandering vereis. Dit is veral waar wanneer 'n sukkelende land sou kon baat vind by 'n laer rentekoers, terwyl 'n ander land 'n hoër rentekoers nodig het om spekulasie, inflasie en buitensporige skuld te bekamp. Die behoeftes van Noord-Europa verskil van dié van Suid-Europa, wat weer verskil van die behoeftes van Oos-Europa. 'n Benadering van wat vir die een geld, geld vir die ander, werk eenvoudig nie in die praktyk nie en is die oorsaak van voortdurende spanning en krisisse in die EU.

Dit is waarom alle geldeenheid-unies soos die euro onvermydelik misluk. Politieke beleid kom in konflik met die ekonomiese realiteit en uiteindelik moet eersgenoemde toegee in die aangesig van kapitaalvloei. Hubble spreek kortliks sy gevolgtrekking uit: "Monetêre unies misluk nie as gevolg van die ekonomie nie. Hulle misluk omdat die ekonomie die politiek dryf om hulle in die steek te laat" (bl. 79). Die VK het dit byvoorbeeld op die harde manier geleer toe dit vir 'n kort tydjie deel was van die EU se wisselkoersmeganisme en besluit het om nie by die euro aan te sluit nie, om sodoende beheer oor sy geldeenheid en monetêre beleid te behou.

Volgens Hubble is dit die rede waarom die eurosone waarskynlik sal misluk. Hy haal Ralf Dahrendorf, voormalige direkteur van Londen se Skool van Ekonomie aan en sê wat baie ander mense glo: "Die valuta-unie is 'n groot fout, 'n riskante, roekelose en verkeerde doelwit wat Europa nie sal verenig nie, maar dit sal verdeel" (Hubble, bl. 30). Net so het professor Francois Heisbourg, 'n voormalige voorsitter van die Internasionale Instituut vir Strategiese Studies geskryf: "Die droom het 'n nagmerrie geword. Ons moet die realiteit in die oë kyk dat die EU self nou deur die euro bedreig word. Die huidige pogings om dit te red, bring die unie nog verder in gevaar" (Roger Bootle, *The Trouble With Europe*, 2015, bl. 231).

**Italië op die randjie**

Italië is die agtste grootste ekonomie ter wêreld. Dit is egter in skuld gedompel en het geen hoop om van die skuld ontslae te raak solank dit binne die eurosone bly nie. Dit word hoofsaaklik aan die lewe gehou deur die ESB, wat die reëls gebuig het en met slim skemas vorendag gekom het om Italië aan die gang te hou. Dit kan egter nie onbepaald so aangaan nie en 'n groot aantal lenings aan Italië was in 2021 betaalbaar. Die groot vraag is hoe gaan Italië uit die penarie kom? Ambrose Evans Pritchard van *The Telegraph* het geskryf "Italië moet kies tussen die euro en sy eie ekonomiese oorlewing" (11 Mei 2016).

Roger Bootle, die voorsitter van *Capital Economics*, is een van die bekendste ekonome in die VK, sowel as 'n bekroonde finansiële rubriekskrywer en skrywer. Hy skryf dat "die euro van die begin af 'n ramp was. Dit toon die kwaliteit van die besluitneming van die EU op sy slegste, gedryf deur nasionale politiek, onderlinge handelsooreenkomste, oorwegings van nasionale aansien en kinderlike vooruitsigte van toekomstige Europese eenheid – met weinig inagneming vir die ekonomiese realiteit. Een van die belangrikste kwessies is wat die voortbestaan of verbrokkeling van die euro sou impliseer vir die toekomstige groei van die EU. Kan die einde van die euro deel uitmaak van die redding van die EU en indien nie, wat kan?" (*The Trouble With Europe*, bll. 168-169).

**Herrangskikking van nasies**

Terwyl die 27 lande van die EU probeer om 'n idee te kry van hoe om 'n eksistensiële uitdaging aan te pak, is dit verstandig om die Bybelse konteks te onthou waarin hulle funksioneer. Bybelse profesie het 'n paar kragtige dinge te sê oor die Europese projek.

Die boek Openbaring beeld 'n kortstondige moondheid uit wat tot stand sal kom net voor Jesus Christus se Wederkoms om oor die nasies van hierdie wêreld te regeer. Dit word gekenmerk as 'n samestelling van tien nasies met 'n sterk leier wat 'n bondgenootskap met 'n groot godsdienstige figuur het (Openbaring 17). Dit regeer 'n kort tydjie en veg selfs teen Christus

met Sy Wederkoms (vers 14).

Dit is belangrik om daarop te let dat die geografiese konteks van hierdie moondheid wat binne die geskiedkundige gebied van die ou Romeinse Ryk geleë is, in ag geneem word alhoewel die kortstondige geestelike en handelsinvloed daarvan 'n baie wyer invloed sal uitoefen voor sy uiteindelike ondergang (Openbaring 18:2-3, 9-11). Die arena is Europa; die *Wêreld van Môre* verstaan uit die Skrif dat daar 'n moondheid van tien nasies in Europa sal opstaan wat uiteindelik sal probeer om die wêreld te oorheers en te beheer. Die EU wat ons nou sien, is nie hierdie geprofeteerde entiteit nie, maar kan wel gesien word as 'n voorloper daarvan.

Hierdie situasie is interessant om dop te hou in 'n tyd waarin bestaande strukture ernstige tekens toon van dreigende ineenstorting. Dit lyk hoogs onwaarskynlik dat die EU vrywillig die euro sal laat vaar, maar die ekonomie sal nog bepaal of dit wel die geval sal wees. Europa, sonder die verstikkende dwangbaadjie van die euro soos tans die geval is, sou eintlik kon floreer soos nog nooit tevore nie. Dit is die moeite werd om in gedagte te hou hoe Europa, terwyl ons kyk en veral Italië, deur hierdie eksistensiële krisisse vorder.

Indien u meer wil weet oor die boodskap van die boek Openbaring en hoe dit verband hou met gebeure in die hedendaagse wêreld, vra ons gratis boekie aan *Die Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of werklikheid*? of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 20 – Die mislukte geloof van ons vaders*

Kersfees of Paasfees onderrig nie, ook nie van 'n onsterflike siel, 'n ewigheid in die helse vuur vir sondaars of 'n siel se opvaring na die hemel tydens die dood nie. Geleerdes en teoloë erken dat al hierdie oortuigings 'n voor-Christelike oorsprong het en dat dit wat Christelikheid genoem word, sy aantrekkingskrag vermeerder het deur nie-Christelike leerstellings en oortuigings geleidelik aan te neem, sowel as om die regerings – van die Romeinse keiser Konstantyn af – te gebruik om die nakoming daarvan te bevorder of selfs af te dwing.

Waarom maak dit saak? Omdat die apostel Johannes aan ons vertel dat die hele wêreld mislei word deur Satan wat die god van hierdie wêreld is (Openbaring 12:9; 2 Korinthiërs 4:4). Indien die hele wêreld mislei is, moet dit ook die derde van die wêreldbevolking insluit wat die Christelike geloof bely. Christelikheid is in duisende sektes en denominasies opgebreek wat elkeen hulle eie interpretasie van die Skrif kragtig verdedig, hoe kan hulle almal reg wees?

Christus het nogtans gesê dat Hy wel 'n "klein kuddetjie" op die aarde het (Lukas 12:32). Hierdie klein kuddetjie ware Christene bely nie net Jesus se Naam nie maar hulle streef daarna om die Goddelik geopenbaarde kode van morele gedrag toe te pas (Matthéüs 7:21-23).

**Ware geloof sal seëvier**

Die oorgrote meerderheid van die mensdom het God se ware identiteit lankal vergeet. Die profeet Jesaja het in antieke tye gepraat oor die menslike neiging om ons Skepper te vergeet: "Ek het kinders grootgemaak en verhoog, maar húlle het teen My oortree. 'n Os ken sy besitter en 'n esel die krip van sy eienaar, *maar* Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie. Wee die sondige nasie, die volk swaar van skuld, die geslag van kwaaddoeners, die kinders wat verderflik handel! Hulle het die HERE verlaat, die Heilige van Israel verag, hulle het agtertoe weggedraai" (Jesaja 1:2-4). Paulus het kort na die opstanding van Christus oor hierdie neiging geskryf en gesê dat baie mense in sy tyd "alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorleginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword" (Romeine 1:21-22). Soos dit in Génesis 3 opgeteken is aan die begin van die menslike geskiedenis, het ons eerste ouers vinnig en maklik die waarheid vir 'n leuen verruil. Net so het die hoofstroom "Christendom" binne honderd jaar na Christus se kruisiging meer in gemeen gehad met die heidendom as met die Bybel. As hoogtepunt van daardie agteruitgang, verval die hedendaagse samelewing bloot meer openlik en veragtelik dieper in sy heidense oorsprong in.

Utopie sal nié onder ons gebrekkige, korrupte menslike regerings voorkom nie. Wanneer ons verby ons rou patriotiese emosies kom, sien ons dat menslike regerings misluk, ongeag watter party aan bewind is. Christene as ambassadeurs en burgers van die hemelse land moet "eers die koninkryk van God soek" (Matthéüs 6:33) en daardie Koninkryk sal eers met Christus se Wederkoms kom en sal aangekondig word deur die laaste van die sewe basuine (Openbaring 11:15).

Geraldine Largay en vele

*Vervolg op bladsy 22*

# Die mislukte geloof van ons vaders

## Deur Bryan Fall

Verdwaal en alleen in die Maine-woude, het Geraldine Largay haar swart notaboekie opgetel en op 6 Augustus 2013 haar laaste inskrywing gemaak: "Bel my man George en my dogter Kerry, wanneer u my liggaam vind. Dit sal vir hulle die grootste weldaad wees om te weet dat ek dood is en waar u my gevind het – dit maak nie saak hoeveel jaar van nou af nie". Die lyk van mev. Largay, toegerits in haar slaapsak, is jare later deur 'n landmeter gevind, haar oorskot was net twee kilometer van die besige Appalachian wandelpad af. Daar word vermoed dat sy haar kaarte verkeerd gelees het en tragies meer as een verkeerde draai gemaak het ("*Lost Hiker Was Two Miles From Appalachian Trail When She Died,*" *NBC News.com*, 27 Mei 2016). Elke jaar veroorsaak 'n verkeerde draai wat 'n reisiger êrens neem, rampspoedige gevolge.

Baie mense voel ook dat die samelewing self 'n verkeerde draai gemaak het en die pad byster geraak het. Van die manier waarop ons ons regering organiseer, tot hoe ons ons geloof beoefen, lyk dit of ons vasgevang is in 'n nimmer-eindigende agteruitgang van standaarde en sedes op baie terreine van die moderne lewe. Waar het ons die pad byster geraak?

### Mislukte regering

Word ons regering deur God geïnspireer? Amerikaners beskou die Verenigde State dikwels as 'n "Christelike nasie" sonder 'n staatsingestelde geloofsbelydenis. Is dit 'n billike aanname? Dink daaraan dat ten minste sewe van Amerika se oorloë teen belydende Christen-stryders gevoer is. Dit sluit die nasie se burgeroorlog in, waarin honderde duisende mense wat hulleself Christene noem, ander selfbelydende Christene op die slagveld afgemaai het. Wil die Jesus Christus van die Bybel dalk iets beters van ons hê (Lukas 3:14)?

Jesus het daarop gewys dat "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het" (Johannes 18:36). Hier het die Messías Hom van regerings en oorloë van hierdie wêreld gedistansieer. Dit is duidelik dat Jesus Christus geen poging aangewend het om menslik-uitgedinkte regerings tydens Sy aardse bediening te verander nie. Wat betref die komplotte, raad en bondgenootskappe van regerings, sê die Psalmdigter: "Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle. Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik" (Psalm 2:4-5). Daniël het geskryf oor 'n tyd wanneer "die God van die hemel 'n koninkryk [sal] verwek ... dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak" (Daniël 2:44). In Openbaring 11:15 openbaar Jesus Christus aan Johannes 'n toekomstige tyd wanneer al die "koninkryke van die wêreld die eiendom van onse Here geword het en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid." Dit kom voor asof God nie 'n binnekring hervormer is nie, maar verkies om dinge van die begin af te vorm.

Waarom sluit God elke menslike vorm van regering in hierdie verklarings in? Die regerings van die mens, met inbegrip van die Amerikaanse republiek, het misluk. Vandag sien ons bloot die gevolge van die gevaarlike koers waarop die mens hom lank gelede begewe het. Die V.S.-Grondwet en alle ander menslike gefabriseerde dokumente wat bedoel is om te lei in die ontwikkeling van regverdige en onpartydige samelewings – al is hulle positiewe eienskappe lofwaardig – kan nie die Skrif vervang om menslike gedrag en verhoudings te lei nie. Per slot van rekening, dit is "nie aan 'n man om te loop en sy voetstappe te rig nie" (Jeremia 10:23). Soos Salomo geïnspireer is om in twee Skrifgedeeltes op te teken: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood" (Spreuke 14:12; 16:25).

### Mislukte godsdiens

Regering is een saak, maar is ons bereid om te vra of selfs ons Godsdiens deur God geïnspireer is? Is Godsdiens die kern van die morele agteruitgang van vandag? Baie konserwatiewe kenners sou wou hê dat ons post-moderne invloede verwerp en teruggaan na die "geloof van ons vaders". Ander mense sien die probleem egter as 'n harde en veroordelende gees wat hulle nie glo Christus sou goedpraat nie.

Ons moet in elk geval erken dat die verkeerde koers wat die samelewing ingeslaan het lank voor die chaos van 2020 begin het, lank voor sosiale media en selfs lank voor die dwelm-verslaafde teenkultuur van die 1960's. Die hedendaagse godsdienstige ineenstorting het sy oorsprong in werklikheid nog lank voor Christelikheid die strande van Noord-Amerika bereik het.

Hoe kan dit wees? In die vormingsjare van "Christelikheid" het dominante kerkorganisasies leerstelling na leerstelling verwerp wat deur Christus ingestel is en deur die Apostels onderrig is. Hulle het in plaas daarvan hulle gewend tot leerstellings wat aanklank gevind het by heidene regdeur die hele Romeinse ryk. Christus en Sy Apostels het nie die viering van

***Vervolg op bladsy 20***

### Vervolg vanaf bladsy 20 – Die mislukte geloof van ons vaders

ander van die hedendaagse "verlore reisigers" sal nog uit die graf wakker word in 'n helder, wonderlike wêreld. Daar sal 'n ware "goue era" van vrede, voorspoed, harmonie en geregtigheid wees. Dit sal net op één manier plaasvind – onder die heerskappy van die terugkerende "Koning van die konings", die Almagtige, Geesverheerlikte Jesus Christus. God het vir ons 'n wonderlike boek as gids gegee naamlik die Bybel. Die Bybel is soortgelyk aan 'n padkaart en Hy belowe dat Hy die mensdom nog "op die paaie van geregtigheid" sal lei (Psalm 23:3). WvM

### Vervolg vanaf bladsy 14 – Aanlyn seksuele teisering: Wat kan u doen?

Ons moet leer om Hom te eer deur te vlug van seksuele onsedelikheid en alles wat dit behels (1 Korinthiërs 6:18-20).

Ongelukkig is wat ons sien gebeur in die VK en in soveel ander nasies 'n direkte gevolg van wat Bybelse profesieë lankal gewaarsku het sal gebeur as Israelitiese nasies hulle van God distansieër; "[O]mdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet" (Hosea 4:6). Gelukkig sal Jesus Christus binnekort weer kom om die Regering van God op hierdie aarde te vestig (Openbaring 11:15). Die kennis van God en Sy lewenswyse sal na elke uithoek van die samelewing versprei – regdeur nasies, gesinne en ons onderwysstelsels (Jesaja 11:9). Die misleide aanhitsers van skade aan ander kinders in skole en aanlyn sal nie toegelaat word om hulle opstandige gedrag voort te sit nie. Mag God daardie dag bespoedig! WvM

### Vervolg vanaf bladsy 26 – Vergete lesse van die geskiedenis

homoseksualiteit algemeen regdeur die Ryk. Vandag het pornografie 'n multimiljoen dollar industrie geword en word wêreldwyd via die Internet versprei. Seksuele losbandigheid vier hoogty en mensehandel is die tweede grootste kriminele aktiwiteit in die wêreld. Homoseksualiteit en prostitusie word deur howe verdedig en bevorder deur gegradueerdes van die Harvard Universiteit. Tog, toe Harvard in 1636 deur Puriteine gestig is, was dit bedoel om predikers op te lei om God en die Bybel te ken en daarvolgens te leef ("*Shield and 'Veritas' History*," *HCS.Harvard.edu*).

Wat baie mense in die Weste vergeet het, is dat daar 'n God is wat die opkoms en ondergang van nasies bepaal (Job 12:23; Daniël 2:21; 4:17). Hy beloof seëninge vir gehoorsaamheid aan Sy Wette en ernstige gevolge vir individue en nasies wat daardie Wette ignoreer en oortree (Levítikus 26; Deuteronómium 28). Baie Westerse nasies het vergeet dat hulle die afstammelinge van die antieke Israeliete is – die mense aan wie Moses geïnspireer was om meer as 3,000 jaar gelede te skryf: "Want ek weet dat julle ná my dood gewis verderflik sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg" (Deuteronómium 31:29).

Die doelwit van die vroeë Kerk was om die Evangelie van die toekomstige Koninkryk van God te verkondig en om te *waarsku* wat die gevolge van die afwyking van God en Sy weë sou wees (Markus 1:14-15). Dit is ook die doelwit van die Kerk vandag: "ROEP uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes" (Jesaja 58:1). Tensy die nasies van die Weste wakker word en uit die lesse van die geskiedenis leer, sal hulle lot die pad van Sodom, Gomorra, Griekeland en Rome volg.

Sal *u* uit die foute van die verlede leer en die gevolge vermy wat in die komende dae sal kom? Sal u gereed wees vir die Wederkoms van Jesus Christus, wanneer die wêreld sal leer om werklik *volgens die Wette van God te leef?* Daardie besluit is u eie om te neem. WvM

# Vrae & Antwoorde

## Het Jesus na die Paradys gegaan op die dag toe Hy gesterf het?

**Vraag:** Jesus het vir een van die kwaaddoeners wat saam met Hom gekruisig is, beloof: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees" (Lukas 23:43). Wat en waar is die "Paradys" en het die kwaaddoener daardie dag werklik saam met Jesus daarheen gegaan?

**Antwoord:** Die Bybel toon dat die dooies in die graf is en op die opstanding wag; hulle is nie in die hemel nie. Die apostel Petrus het gesê: "Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie" (Handelinge 2:34) en Christus het gesê: "En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik* die Seun van die mens wat in die hemel is" (Johannes 3:13).

Beteken dit dat die kwaaddoener op 'n spesiale plek is wat "Paradys" genoem word en wat nie "hemel" is nie? Nee – die Bybel toon duidelik waar die Paradys geleë is. Die apostel Paulus vertel van 'n man wat in 'n toekomsblik na die troon van God geneem is – "dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie" (2 Korinthiërs 12:1-4). Die Paradys is geleë in die teenwoordigheid van God se troon.

### Bybelse Paradys?

Wat is die Paradys? Paradys beteken 'n "tuin, pretpark: bos, park ... 'n groot kamp of bewaringsgebied ... skaduryk en goed natgemaak ... omring deur mure" ("*Lexicon – Strong's G3857-paradeisos," BlueLetterBible.org*).

Die Bybel beskryf hoe die Paradys is: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is" (Openbaring 2:7). Kyk nou na Openbaring 22:1-2: "EN hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf *maal* vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies."

Hierdie verse verwys na "die heilige stad, die nuwe Jerusalem, [wat] neerdaal van God uit die hemel" (Openbaring 21:2). Die nuwe Jerusalem sal uit die hemel kom nadat die aarde 'n "nuwe aarde" gemaak is (2 Petrus 3:10-13; Openbaring 21:1) en dit sal die boom van die lewe bevat. Die Paradys van God – naby of in die teenwoordigheid van Sy troon – is 'n park of tuin wat uiteindelik *op* die nuwe aarde gevind sal word. Dit was egter nog nie beskikbaar vir mense toe Christus Sy verklaring aan die kwaaddoener gemaak het nie en dit is ook nog nie vandag beskikbaar nie.

### Die Hemelvaart

Dus, hét die kwaaddoener saam met Jesus daarheen gegaan op die dag van sy dood? Let daarop dat Jesus Sélf nie op die dag van Sy dood na die Paradys of hemel toe gegaan het nie. Paulus skryf: "Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte" (1 Korinthiërs 15:3-4). Christus was drie volle dae en drie volle nagte in die graf verseël. Let op wat Hy vir Maria gesê het toe sy by die graf kom nadat Hy opgestaan het: "Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God" (Johannes 20:17).

Wat het Christus werklik aan die kwaaddoener gesê? Lesers van die gewilde Afrikaanse vertalings word mislei deur die leestekens op foutiewe plekke wat nie die betekenis van die geïnspireerde Griekse teks korrek weerspieël nie. Hierdie vertalings plaas verkeerdelik 'n komma tussen "jou" en "vandag". Soos een kommentaar verduidelik: "Die interpretasie van hierdie vers hang geheel en al af van leestekens, wat geheel en al op die *menslike* gesag berus. Die Griekse manuskripte het tot die negende eeu geen leestekens gehad nie en van toe af was dit slegs 'n kolletjie (in die middel van die reël) om elke woord van die ander te skei" (E.W. Bullinger, *The Companion Bible*, bylaag 173).

Met die leestekens op die korrekte plekke, lees Lukas 23:43 in Afrikaans: "Voorwaar Ek sê vir jou vandag, jy sal saam met My in die Paradys wees." In hierdie vers het Jesus nie 'n belofte gemaak wat Hy nie nagekom het nie; Hy het eerder beklemtoon dat *wanneer die Paradys na die aarde kom*, die kwaaddoener saam met Hom daar sal wees. WvM

# Die werke van Sy hande

## Die seën van reën

### Deur Wallace G. Smith

In Handelinge 14:17 beskryf die apostel Paulus reën uit die hemel as 'n teken van God se goedheid wat Hy voorsien as 'n getuienis aan die hele mensdom. Die seën van reën word inderdaad dikwels oor die hoof gesien. Alhoewel 'n onverwagte reënbui hier en daar vir ons 'n tikkie hartseer kan meebring wanneer ons ons planne – wat afhanklik is van goeie weer – moet herskeduleer, is die lewe op aarde wonderbaarlik afhanklik van die vloeibare seëninge wat uit die wolke op ons afstort.

Terwyl die planeet Venus blykbaar 'n mate van swaelsuur in reën in sy atmosfeer ondervind en Titan, 'n maan van Saturnus, blykbaar reënbuie van giftige vloeibare metaan verduur, is die aarde geseën met reënval van lewegewende water. Baie kinders leer van reën en ons planeet se watersiklus in hulle vroegste wetenskapklasse: Hitte van die son laat water uit die see en ander bronne verdamp. Hierdie verdampte water vorm wolke in die lug en uit daardie wolke stort reën terug na die aarde. Die reën filtreer deur grond voordat dit weer verdamp en die proses word herhaal. Hierdie siklus is 'n lewensbelangrike, voortdurende proses in ons natuur en maak lewe op die aarde wêreld moontlik.

Tog is daar baie meer verbonde aan reën as die diagramme wat ons in ons eerste wetenskaphandboeke sien. Dit is maklik om nie op die voordele wat reën inhou te let nie. Ons wêreld is intelligenter ontwerp en fyner ingestel om die seën van reën ten volle te benut as wat die meeste van ons verstaan.

**Die spesiale voordele van reën**

Het u al ooit gesien dat die plante en boomblare rondom u 'n bietjie weliger en groener lyk 'n paar dae ná 'n reënbui?

Dit is omdat reën spesiale voordele inhou wat ander waterbronne nie het nie, deels as gevolg van die atmosferiese prosesse wat reëndruppels vorm. Reënwater se suurstofinhoud is byvoorbeeld baie hoër as ander waterbronne. Hierdie ekstra suurstof kan die plante help wanneer die grond besonder versadig is met water. Terwyl ander bronne van water, soos kraanwater, wortels kan laat vrot word wanneer die grond oorversadig is, help die suurstof in reënwater om dit te voorkom. Terselfdertyd is reënwater nie so lank in die grond voordat die plante dit inneem nie, wat dit "sagter" maak – met 'n baie laer konsentrasie sout – dus meer voordelig vir plante.

Terwyl die reën deur die lug na die grond val, bring dit bykomende stikstof saam – die oorvloedigste gas in ons atmosfeer. Stikstof, in die vorm van ammonium en nitrate, is noodsaaklik vir die gesondheid van plante en word deur hulle wortels en blare opgeneem. Interessant genoeg, die weerlig wat soms met reënstorms gepaard gaan, help om nitrate te produseer, stikstofmolekules te verdeel en die nuutgeskeide atome met suurstof te kombineer om die nitrate te vorm wat die reën na die grond bring – 'n proses wat ons herinner aan die psalmis se lof aan die Skepper: "Hy wat die dampe laat opgaan van die einde van die aarde af, bliksemstrale by die reën maak" (Psalm 135:7).

Bykomende atmosferiese komponente wat met die reëndruppels kombineer, veroorsaak dat die water *effens* suur is. Wanneer hierdie water in die grond ingesak het, help hierdie lae-vlak suurheid om sleutelvoedingstowwe, soos koper en sink, uit die grond vry te laat, wat dit meer tot die beskikking van die honger wortels van plante stel. (Dit is heeltemal anders as die effek van *suurreën*, wat meer skadelike verbindings vrystel as nuttige verbindings as gevolg van besoedelingstowwe of selfs vulkaniese uitbarstings.)

Selfs die fisiese impak van reëndruppels en die "was-proses" wat dit meebring, bied voordele. Wanneer die reënval nie te swaar is nie, help dit om stof en vuilheid van die blaaroppervlaktes – wat bloot-stelling aan die son nodig het – skoon te maak. Reën op blare help om hulle huidmondjies skoon te was – porieë wat oop- en toemaak op 'n blaar om die plant se asemhaling of gaswisseling te beheer.

**Vernietiging en 'n belofte**

Natuurlik kan te veel van enige goeie ding 'n probleem wees en reën is geen uitsondering nie. Die reën wat gepaard gaan met die winde van siklone, orkane en tifone, kan 'n bron van verskrikike vernietiging wees. Vanaf die sonde van ons eerste ouers het die mensdom in 'n wêreld geleef waar die behoeftes van die mensdom nie eerste in ag geneem word nie. Te veel reën in sommige dele van die planeet veroorsaak oorstromings en modderstortings, wat geweldige verwoesting meebring. Trouens, in die Bybel is opgeteken dat die Ewige God meer as 4,000 jaar gelede, reën gebruik het, in kombinasie met die oopbreking van die "fonteine van die groot watervloed" (Génesis 7:11) om die hele wêreld van daardie tyd te oorstroom. Alle lewe op die aarde was vernietig, behalwe Noag se gesin en die diere wat hy op die ark moes beskerm.

Aan die einde van daardie verskriklike tydperk het God egter nog een van reën se wonderlike gawes vertoon. Die geïnspireerde Skrif vertel aan ons dat God die reënboog gebruik het as 'n teken van Sy belofte om nooit weer die wêreld te oorstroom nie (Génesis 9:12-17). 'n Verstommende eienaardigheid van die wette van fisika: Reënboë verskyn wanneer die son net in die regte hoek agter die waarnemer is. Die ligstrale wat deur die reëndruppels gebreek word soos deur klein prismas, word verander deur die reëndruppels in kleure van komponente te verdeel en ons sien 'n pragtige vertoning van rooi, oranje, geel, groen, blou en indigo.

Dit kom voor asof daardie pragtige kleure in die lug 'n boog in die lug vorm tussen die kyker en die storm, net soos God se belofte staan tussen die mensdom en die bedreiging van nog 'n wêreldwye oorstroming.

**Uit die Hand van God**

Terwyl ons nie al die kragte wat binne ons wêreld werksaam is, kan beheer nie, het ons die geleentheid om 'n beroep te doen op die Een wat kan. Die reën is Sy skepping en Hy sê vir ons dat Hy dit in ons tyd gebruik om Sy doel te vervul, net soos Hy in Noag se tyd gedoen het.

Die profetiese waarskuwings wat aan antieke Israel gegee is, wat vandag nog vir ons betekenis het, herinner ons daaraan dat reën slegs na God se wil aan 'n land voorsien word. Indien die Israeliete hulle Skepper sou gehoorsaam en Sy aangesig sou soek, het Hy hulle belowe dat Hy "sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou [sal] oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën" (Deuteronómium 28:12). Indien hulle egter ongehoorsaam was, sou Hy "die reën van jou land poeier en stof maak" (vers 24). Reën is die lewensbloed van die aarde en dit vloei slegs op Sy bevel en binne die bestek van Sy wil.

As 'n vrygewige God "laat [Hy] sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges" (Matthéüs 5:45). Daar is nogtans 'n tyd in die toekoms wanneer daardie nasies wat nie die heerskappy van Sy heersende Christus sal aanvaar nie en wat sal versuim om hulle mense te stuur om die Huttefees in Jerusalem by te woon, nie die seën van reën sal smaak voordat hulle hul bekeer en hulle aan Hom onderwerp nie (Sagaría 14:17).

Tot daardie toekomstige tyd sal reënbuie voortdurend onverwags voorkom en soms onwelkome verandering van planne veroorsaak – miskien het 'n piekniek skielik tot 'n einde gekom toe piekniekgangers skuiling moes soek of 'n bofbalwedstryd wat gekanselleer is net toe die spelers op die punt gestaan het om op die veld te gaan. Die volgende keer wat dit gebeur, kan ons dalk 'n bietjie terugstaan en dink watter wonder dit is om op 'n planeet te woon waar lewegewende water so volop is dat dit uit die lug val. Dalk kan ons ook 'n vinnige gebed tot ons barmhartige Skepper rig vir die seën van reën. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Vergete lesse van die geskiedenis*

transvestisisme en sodomie, is nie 'n nuwe of moderne verskynsel nie. Dit is nie verbasend dat morele verval en losbandigheid van die *redes* is wat vir die verval en die val van die Romeinse Ryk genoem word nie.

Dit was in hierdie heidense kulturele omgewing van moord, seksuele onsedelikheid, perversie en uitbuiting vir persoonlike bevrediging, dat Jesus en Sy Apostels begin het om die Evangelie van die Koninkryk van God te verkondig en Bybelse morele waardes aan te moedig. Jesus het die belangrikheid van die Bybelse huwelik beklemtoon en hoerery en egbreuk veroordeel. Hy het ook onderrig dat *porneia* – afwykende seksuele gedrag nie net boos was nie, maar 'n wettige rede vir egskeiding is (Matthéüs 19:4-9). Sulke gedrag is totaal in stryd met die Wet van God en sal mense daarvan weerhou om die Koninkryk van God binne te gaan (1 Korinthiërs 6:9-10; 1 Timótheüs 1:8-9).

Die koms van die Christendom en die verspreiding van Bybelse beginsels oor die hele Romeinse wêreld het standaarde van seksuele moraliteit *verhoog,* kindermoord beëindig, die status van vroue verbeter, die gesin versterk en het uiteindelik gelei tot die afskaffing van gladiatorgevegte in die arena (sien *How Christianity Changed the World* deur Alvin Schmidt). Selfs al het korrupsie mettertyd in die Evangelie van die Koninkryk van God ingetree, het Bybelse beginsels van moraliteit voortgegaan om die kulturele waardes van die Westerse beskawing te beïnvloed – *tot die laaste paar dekades.* Weereens is dit nodig om te vra: *Het hierdie geskiedkundige voorbeelde enige verband met ons vandag en wat lê voor vir Westerse nasies*?

**Lesse uit die verlede**

Vandag is ons getuies van 'n seksuele revolusie wat *doelbewus* Bybelse moraliteit *verwerp* en *terugkeer* na die seksuele losbandigheid en verdorwe perversies van die antieke heidense wêreld – met die verkeerde idees van verdraagsaamheid, vooruitgang en sosiale geregtigheid. Tog toon die geskiedenis aan dat individue en kulture wat die weg volg om onsedelike begeerlikhede te bevredig en ons Skepper se Wette te ignoreer, tot 'n *verskriklike einde sal kom.*

Baie stemme in die regering, universiteite, die media en selfs godsdiens *beywer* hulle vir die sake van aborsie, homoseksualiteit en transgeslagtelikheid. 'n Harvard-groep het selfs onlangs 'n referaat gepubliseer oor die veronderstelde voordele van die wettiging van prostitusie – soos “belastinginkomste” (“*To Protect Women, Legalize Prostitution*,” *HarvardCRCL.org*, 1 Oktober 2019).

Tog herinner die Bybel – wat uitgesproke is teen prostitusie – ons dat Bybelse gebeure opgeteken is as 'n *waarskuwing* vir toekomstige geslagte, veral vir diegene wat aan die einde van hierdie tydperk sal leef (1 Korinthiërs 10:11). Jesus sê dat sosiale toestande aan die einde van die tyd en nét voor Sy Wederkoms sal wees soos in die dae van Noag en in die dae van Lot in Sodom (Lukas 17:26-30). In Noag se tyd was “die aarde verdorwe ... want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe” as gevolg van wydverspreide goddeloosheid en God het daardie wêreld tot 'n einde gebring met 'n groot vloed (Génesis 6:5-13). In die dae van Lot is Sodom en Gomorra totaal vernietig weens die omvang van hulle sondige weë – wat homoseksuele perversies ingesluit het. Tog was dit net sowat 400 jaar ná die vloed. Die antieke nasies van Israel en Juda, met kennis van hierdie opgetekende gebeure, het gekies om in die voetspore van Sodom en Gomorra te volg (Jesaja 1:10; Jeremia 23:14). Gevolglik is hulle deur Assirië en Babilon verower en in ballingskap weggevoer.

Vandag blyk die meeste nasies in die Weste *blind* te wees vir die feit dat ons die foute van die geskiedenis herhaal. In die antieke Grieks-Romeinse wêreld was kindermoord algemeen en aanvaarbaar. Vandag is aborsie wettig en beëindig dit die lewens van miljoene babas elke jaar. In die Grieks-Romeinse wêreld was pornografiese kuns, seksuele promiskuïteit, prostitusie en

***Vervolg op bladsy 22***

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

land, met byna 46 vuurwapens per 100 mense, het sedert 2001 geen massaskietvoorvalle gehad nie. Dit is duidelik dat die vuurwapenkulture van hierdie twee lande verskillend is, maar die VSA is nie die enigste land waar geweld met betrekking tot vuurwapens buite beheer is nie. “Die Mexikaanse nasionale veiligheidstelsel ... berig dat 29,406 gevalle van moord in 2019 plaasgevind het, wat 34,588 slagoffers geraak het” en baie hiervan was vuurwapengeweld (“*Justice in Mexico releases 2020 Organized Crime and Violence in Mexico Report,*” *JusticeInMexico.org*, 30 Julie 2020).

**Môre se vreedsame wêreld**

Alhoewel ons geskok is wanneer ons medemense so min waarde heg aan menslike lewe, behoort dit nie 'n totale verrassing te wees indien ons lees wat die Bybel sê oor die tyd waarin ons lewe nie. Ek het grootgeword en 'n algemene Protestantse kerk bygewoon, maar in al daardie tyd het ek nooit 'n preek oor Bybelse profesie gehoor nie. *Waarom?* Ten minste 'n kwart van die Bybel *is* profesie Dit is waar dat kerke vandag meer gereeld oor profesie praat as gedurende my vormingsjare – maar diegene wat dit doen, gebruik byna nooit die regte sleutels om profesie te ontsluit nie.

Die tydskrif *Wêreld van Môre* en die *Tomorrow's World* se beeldsending kondig met vrymoedigheid en akkuraatheid die Wederkoms van Jesus Christus aan – om oor die mensdom te heers. Dit mag dalk vreemd wees vir almal wat nie volle vertroue het in die werklikheid van God se bestaan nie. Behoort dit egter vreemd te wees vir diegene wat werklik glo dat Jesus uit die graf opgewek is? Is die een moeiliker om te glo as die ander?

Tensy Hy weer kom, is ons almal gedoem. Indien ons glo dat Jesus die Seun van God is, glo ons dan Sy woorde? Jesus het gewaarsku dat die mensdom op die rand van uitwissing sou kom en slegs deur Sy ingryping sal dit verhoed word (Matthéüs 24:21-22). So 'n uitwissing was nie moontlik toe Jesus hierdie voorspelling gemaak het nie, maar sedert die uitvinding van die atoombom en ander tegnologieë, is dit *nou* moontlik. Die Wederkoms van Christus is van kardinale belang om 'n einde te maak aan die bloedbad wat ons vandag sien – absoluut noodsaaklik vir ons voortbestaan.

Die aand voordat Hy gevange geneem is om gekruisig te word, het Jesus aan Sy dissipels gesê: “En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Johannes 14:3). Waar sal Hy dan wees? Die Bybelse antwoord is ondubbelsinnig.

Na Sy opstanding het Jesus vir 40 dae lank aan baie getuies verskyn. Uiteindelik het Sy dissipels op die Olyfberg gevra wanneer Hy Sy Koninkryk sou vestig. Sy antwoord? Hulle moes nie bekommerd wees oor *wanneer* nie, maar hulle *moes die Werk doen* waarvoor Hy hulle geroep het. Nadat Hy op hierdie manier gereageer het, het Hy in die lug opgevaar en in 'n wolk verdwyn. Terwyl die verskrikte Apostels staan en toekyk, verskyn twee engele as mense wat praat en sê: “Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het” (Handelinge 1:11).

Ons lees ook: “En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde” (Sagaría 14:9). Daar word ook aan ons vertel dat wanneer die sewende basuin geblaas word, sal daar “groot stemme in die hemel [wees] wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15). Een na die ander profesie beskryf die Wederkoms van Jesus Christus *na hierdie aarde* en hoe Sy Koninkryk sal wees.

Voor die gebou van die Verenigde Nasies in New York, is daar 'n standbeeld met die titel “*Let Us Beat Swords into Ploughshares*”, wat in die 1950's deur 'n kunstenaar uit die Sowjetunie gemaak is. Dit is 'n “bronsbeeld wat die figuur voorstel van 'n man met 'n hamer in die een hand en in die ander 'n swaard wat hy in 'n ploegskaar omskep. Dit simboliseer die mens se begeerte om oorlog te beëindig en die vernietigende werktuie te omskep in werkbare landbougereedskap tot voordeel van die hele mensdom” (“*Let Us Beat Swords Into*

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

*Ploughshares*", *UN.org*, verkry 8 Julie 2021).

Dit is merkwaardig dat die VN-webwerf asook verskeie ander bronne wat melding maak van hierdie standbeeld, nalaat om die Bron van inspirasie daarvan te noem. Dit simboliseer meer as "die mens se begeerte om oorlog te beëindig". Die inspirasie vir die beeld kom direk uit die Bybel, wat 'n rotsvaste belofte gee dat dit *sal gebeur* wanneer Christus weer kom om die mensdom van selfvernietiging te red. Wat betref Sy Wederkoms en Heerskappy, lees ons: "En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:4; vergelyk Miga 4:3). Dit is waaroor die *Wêreld van Môre* alles handel!



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**